

IN DIE HOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-08-11

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 125

(Bladsye 6 290 - 6 352)

HOF HERVAT OP 11 AUGUSTUS 1986.

MR BIZOS : My Lord, Your Lordship will recall that earlier on we gave an indication that it will be necessary for Mr More, accused no. 4, to have a further operation and it has been arranged for it to take place tomorrow and during the course of the late morning, Your Lordship's leave is being sought for him to be removed from court and taken to the hospital in Germiston for that purpose. He will be here for some time, but he will have to be prepared for this afternoon. A fairly minor matter, Mr Malindi, accused no. 5, has to (10) visit an optician. It would suit the people that carry the prisoners to and fro , if they did that at the same time as they took Mr More to hospital. So, if Your Lordship allow accused no. 5 as well to be excused.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Kolonel, u het Vrydag, was u besig met ABD(2) en ons het daardie bewysstuk voltooi tot aan die einde voor die verdaging gekom het. Ek wil u net op hoogte plaas van waar ons was. Is dit korrek?
-- Dit is korrek. (20)

U bevestig dan ook u algemene getuienis soos vervat in ABD(2) en aangeval hier in die hof en u handig die stuk in as BEWYSSTUK ABD(2). -- Dit is korrek.

Terwyl u die getuienis gelewer het wat op BEWYSSTUK ABD(2) voorkom, het u aangedui dat u vir die Hof 'n demonstrasie wou gehou het. Is dit deel van hierdie algemene getuienis van u? -- Nee, dit is deel van die volgende bewysstuk ABD(3) waarmee ek vanoggend sal begin.

U het alreeds te kenne gegee u wil'n demonstrasie vir die Hof lewer. Dan kan ons voortgaan na ABD(3) toe. -- (30)
Ek gaan voort met BEWYSSTUK ABD(3), met die opskrif "Analise

... / van

van bandopnames met 'n ossilloskoop." Ek sal eers dele daarvan uitlees en dan op die toepaslike plekke sal ek die Hof verwys na ossilloskoopfoto's wat hier ingesluit is en dan ook op die regte tyd kan ons luister na die betrokke bandopname. Ek lees vanaf bladsy 1 paragraaf 1. "Indien toerusting beskikbaar is om enige klein stukkie van 'n bandopname op 'n ossiloskoop te vertoon, kan baie kraaktige analyses van bandopnames gedoen word. Sulke toerusting is beskikbaar by die Forensiesewetenskap-Laboratorium van die SAP en gevoglik kan sulke analyses gedoen word. Die volgende is voorbeeld(10) van gevalle waar sulke analyses nuttig kan wees en dit word hier gegee om die krag van die tegniek te demonstreer.

Paragraaf 2. Op die volgende bladsye verskyn ossiloskoop-foto's van sommige onderbrekings in die klank wat kan voorkom op 'n bandopname. Al hierdie onderbrekings kan duidelik gehoor word deur 'n geoefende oor. Foto's 1 tot 16 is van onderbrekings wat kan voorkom tydens die maak van die oorspronklike opname. Foto's 17 en 18 is van onderbrekings wat na die tyd op band aangebring kan word.

HOF : Wat beteken dit dan? Beteenk dit dat daar iets uit-(20) gesny is? -- Ja, dit is van 'n stukkie wat bo-oor die oorspronklike opname opgeneem word.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Maar kan dit ook wees dat dit uitgesny is? 'n Deel van die toespraak byvoorbeeld? -- Dit sou ook so 'n geval wees. Dit is nie die voorbeeld wat ek hier toon nie. Paragraaf 3 is 'n kort beskrywing van hoe 'n ossiloskoop werk. "Op 'n ossiloskoop en dus ook op hierdie foto's, loop tyd van links na regs. Sonder enige seine sal slegs een reguit strepie naby die middel van die foto gesien word. Wanneer daar enige klank teenwoordig is, beweeg (30) die ligstrepie ook na bo en na onder terwyl dit van links na

... / regs

regs beweeg."

MNR. JACOBS : Net voordat u aangaan, terwyl u hier is, wat is 'n sein? Laat ons net duidelikheid het. -- 'n Sein is soos wanneer 'n mens na 'n bandopname luister of na 'n radio luister en daar is klank, dan is dit 'n sein. As daar stilte is, dan is dit afwesigheid van sein.

So, klank is in werklikheid sein dan? -- Klank en sein in hierdie gevalle is sinoniem met mekaar. Ek versoek nou die Hof om te blaai na die foto wat gemerk is met 'n 5 aan die linkerkant. Verskeie foto's kan gebruik word vir die (10) doel van die beskrywing, maar hierdie een is 'n goeie voorbeeld. In hierdie geval kan ek net sê was die bandmasjien gestop deur die stopknoppie te druk en na 'n tyd weer aan die gang gesit deur die opneemknoppies te druk. Uit die teks "Op foto nr. 5 byvoorbeeld is die groot op en af ekskursies aan die linkerkant van die foto dié deel van die klank wat opgeneem is net voor die stopknoppie gedruk is."

HOF : Die op en af gedeelte is nie altyd ewe hoog nie. Het dit te doen met toonhoogte of met hardheid van klank? -- Dit is uitsluitlik hardheid van klank. "Dan volg daar 'n (20) lang deel wat bykans geen op en af ekskursies toon nie, behalwe vir kort of klein ekskursietjies. Hierdie deel is 'n stukkie stilte op die band wat egter wel enkele sogenaamde elektroniese pulse bevat." As u sou kyk van die linkerkant net waar die sein verdwyn waar die lyn vir die eerste keer begin reguit loop, dan is daar 'n baie kort stukkie stilte, dan 'n klein op en af ekskursie, wat ek 'n klein pulsie noem. Dan is daar vir omtrent 8 of 10 millimeter weer 'n stukkie stilte en dan weer 'n klein ekskursie, nog 'n elektroniese puls." Dit verteenwoordig wel hoorbare klank, maar dit is nie klank wat (30) afkomstig is van 'n mikrofoon nie.

... / HOF

HOF : Waarvandaan kom dit dan? -- Daardie klank word gegeneer in die vorm van 'n elektroniese puls binne-in die bandopnemer en dit word deur die bandopnemer op die opname geplaas. Wanneer 'n mens daarna luister, na die tyd, dan hoor 'n mens dit as klank en dit word gehoor in die vorm van 'n klikgeluid.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Kom die pulsie ook voor terwyl die masjien aangeskakel is? -- Dit is 'n puls wat gegeneer word deur die prosesse van afskakel en aanskakel van 'n bandmasjien. (10)

HOF : Dit is nie as jy die ding op PAUSE byvoorbeeld nie. Dit is as jy hom heeltemal afskakel. As die krag af is, dan het hy nog 'n puls? --- Dit is reg, want daar is sekere mekanismes in die bandmasjien wat vir 'n tydjie nog krag stoor wat kan veroorsaak dat daar na 'n klein tydjie nog altyd pulse op die opname gesit kan word. Die middelste deel van hierdie foto 5 is feitlik 'n reguit lyn in die middel van die foto.

'n Reguit horisontale lyn? -- 'n Reguit horisontale lyn. Dit is korrek. Dit verteenwoordig 'n stukkie stilte. Aan (20) die regterkant van daardie stukkie stil gedeelte is daar weer eens een kort maar taamlike groot elektroniese puls, wat gesien kan word aan 'n ekskursie wat heelwat meer is na bo as wat dit na onder is. Dit is 'n klein bietjie onder en 'n groot deel na bo.

Wat beteken dit? -- Daardie tipe van eienskap is taamlik tipies van elektroniese pulse, dat hulle na een kant toe 'n baie groter ekskursie sal toon as na die ander kant toe. Dit het te doen met die ontlaai van 'n elektroniese komponent wat vinnig begin om 'n puls te gee, maar sy krag raak ook (30) vinnig op. So, hy begin hoog en dan raak sy krag vinnig op.

... / Sodat

Sodat enige daaropvolgende effek wat hy sou vertoon, die effek in dié geval veroorsaak dat hy ook na onder die lyn beweeg, maar omdat sy effek nou al heelwat kleiner is, maak hy 'n kleiner ekskursie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Maar hoekom gebeur dit in hierdie geval met die eerste streep daar dat hy boontoe wys en die res van die opname self is taamlik eweredig versprei? -- Ja, dit is tipies dat gewone spraak soos deur 'n mikrofoon opgeneem sal taamlik eweredig na bo en onder wees, met uitsondering van 'n mansstem wat redelik naby aan die mikrofoon (10) praat. Daar sal 'n mens ook daardie effek waarneem tot 'n mindere mate. 'n Mens kry omstreng 30% meer in die een geval as in die ander geval. Die presiese rigting waar die hoogste ekskursie sal wees by 'n band masjien sal afhang van die polariteit van die batterye, hoe dat die batterye verbind is.- Omdat dit vir 'n spesifieke bandmasjien altyd dieselfde verbind moet wees, sal dit vir 'n spesifieke bandmasjien altyd in dieselfde rigting plaasvind.

HOF : Is die eerste puls altyd na bo, die lyn? Die eerste gedeelte van sal ek sê die demonstrasie van die puls na bo (20) en dan na onder? -- Soos ek so pas verduidelik het, dit sal afhang van die spesifieke bandmasjien en die manier waarop die batterye verbind is. Dit het te doen met die polariteit van die batterye. 'n Mens sal kry, ek het gekry dat meeste moderne bandmasjiene se pulse gaan hoofsaaklik eers na bo en dan is daar 'n kleiner deel na onder. So, dit is die meer algemene situasie, maar dit is nie noodwendig dat dit altyd so sal wees nie. Dit kan ook andersom wees.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : U sê die elektroniese puls, die een waarvan ons nou praat, word veroorsaak deur die ontliaai(30) van 'n komponent? -- In werklikheid 'n kapasitor.

... / Wat

Wat sit dit aan die gang? Wat veroorsaak dit? -- Dit ontstaan gewoonlik om een van twee redes. In hierdie geval naby die begin waar die opname weer begin sal dit te doen hê met die aanskakelprocedure, nie die afskakelprocedure nie. Hier sal dan 'n geval wees waar daar 'n koppelingskapasitor is tussen een deel van die elektroniese stroombaan en 'n volgende deel en wanneer die krag aangeskakel word, dan sal die eerste deel eers geaktiveer word en dit sal veroorsaak dat daardie kapasitor skielik ne 'n sekere kant toe geruk word. Na 'n kort tydjie is daardie kapasitor vol gelaai (10) egter tot by sy maksimum lading. Wat daar gebeur in werklikheid is dat die een kant van die kapasitor se spanning sit hoër as die ander kant, maar hy wil graag altwee kante gelyk hê. So, die een kant word met mening opgeruk en die ander kant volg hom, maar teen 'n redelike stadige tempo. Soos wat 'n mens dikwels in elektroniese bane kry, kry 'n mens dan 'n sekere deurswaai-effek. Hy kom tot waar hy moet wees, hy gaan 'n bietjie verby en dan kom hy weer terug en dan met 'n ossillerende beweging vind hy sy korrekte waarde in die middel. (20)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Sou 'n mens hierdie puls ook, soos by die afskakelprocedure as klank op die band kan hoor in die vorm van 'n klikgeluid? -- Ja.

MNR. JACOBS : Gaan maar voort. -- Ek gaan voort met paraagraaf 4 op bladsy 1. "Op ossilloskoopfoto's soos hierdie is die tydskaal altyd van belang en daarom moet daar altyd aangedui word hoe 'n lang stuk tyd op die foto's vertoon word." Ek verwys u weer na foto 5 waarna ons so pas gekyk het. In die byskrif langs die foto is daar in hakies die aanduiding (totale tyd 1,0 sekondes). Dit beteken dat daardie foto (30) verteenwoordig 'n segment van 1,0 sekonde uit die betrokke

... / bandopname

bandopname waarvan dit geneem is.

HOF : Daar staan 'n Philips D6620. Is dit die apparaat wat gebruik is? -- Ja, dit was in hierdie geval die apparaat. Verder uit die teks "Die vertikale amplitude skaal is relatief en is dus nie van basiese belang nie. Die betrokke volumekontrole word eenvoudig sodoende oopgedraai totdat 'n gerieflike hoeveelhede seine in die vertikale rigting op die ossilloskoop vertoon word.

HOF : Dus 'n mens kan nie die een foto met die ander vergelyk en sê o ja, daardie een was vertikaal baie verder (10) uit as daardie een nie as jy nie weet dat die volume presies dieselfde was nie? -- Ja. In vergelyking van bandopnames met mekaar is dit hoofsaaklik van belang om te kyk na die tydsintervalle en die posisies in tyd waar sekere pulse plaasvind. Ek poog gewoonlik om die volume sodanig te draai dat daar 'n redelike mate van vergelyking in die amplitude rigting, dit wil sê die vertikale rigting is en dit is slegs in gevalle waar daar een of ander spesifieke ding aangedui moet word waar daar moeite gedoen word om die amplitude skaal te kalibreer en dan word dit gedoen, gewoonlik (20) gedoen met verwysing na die uitgangspanning, hoeveel volts kom by die bandmasjien uit, want daar is so baie plekke tussen die bandmasjien en die ossiloskoop waar die volume of die amplitude gestel kan word dat dit 'n taamlike ingewikkeld prosedure word. Dit is gewoonlik voldoende om net die volume te draai, sodat daar 'n gerieflike prentjie op die ossiloskoop verskyn.

As ek dit reg het is daar drie maniere waarop klank kan weg wees van 'n bandopname. Een is jy kan hom afsit, die tweede is jy kan hom op PAUSE sit en die derde is, (30) die spreker kan nie meer praat nie. Nou, is daar 'n onderskeid

... / tussen

tussen die drie? -- Ja en ek sal in die volgende bladsye poog om sommige van hulle vir u te verduidelik. Ek gaan voort na paragraaf 5 op bladsy 2. By verskeie soorte onderbrekings, soos af/aan onderbrekings (die volgende paragraaf) is daar kort stukkies stilte op die opname. Die meeste bandmasjiene het 'n neiging om sekere kort pulse op die band te plaas gedurende sulke stiltetydjes. Die posisie van sulke pulse- en dit is nie hier geskryf nie, maar daarby posisie bedoel ek die posisie van die linkerkant af, die posisie in terme van tyd - is presies herhaalbaar vir 'n spesifieke (10) bandmasjien, terwyl die amplitudes daarvan wisseling kan toon. Bandmasjiene van dieselfde tipe sal soortgelyke patronen vorm. Met hierdie tegniek kan die tipe onderbreking en dikwels ook die soort bandmasjien waarop die opname gemaak is, bepaal word. Met die soort bandopnemers wat gewoonlik deur die Suid-Afrikaanse Polisie gebruik word vir opnames in die veld, is dit byvoorbeeld altyd moontlik om die teenwoordigheid van 'n af/aan onderbreking te identifiseer."

HOF : Met opnames in die veld neem ek aan bedoel u nie letterlik nie? -- Ja. (20)

U bedoel buite hulle eie kantore? -- Dit is korrek. Dit is maar die terme wat ons gebruik daarvoor. "Paragraaf 6. Af/aan onderbrekings beteken dat die bandopnemer op 'n sekere stadium gestop is deur die stopknoppie te druk. Na 'n verloop van 'n onbekende tyd word opname dan weer hervat ~~daar~~ weer eens "record" te druk. Sulke onderbrekings kan gewoonlik maklik uitgeken word deur slegs daarna te luister, aangesien daar gewoonlik sterk pulse voor ~~kam~~ gedurende die stiltetydjes. Voorbeeld hiervan is te sien op foto's 1, 2, 5, 6, 9 en 10." Ek dink voordat ek saam met die Hof kyk na die foto's (30) en luister daarna, sal ek net graag die volgende paragraaf

... / ook

ook wil lees, want die aan/af, dit wil sê "stop - start"

en "pause" onderbrekings word saam gegee op een bladsy.

"Paragraaf 7. "Pause" onderbrekings beteken dat die bandopnemer op 'n sekere stadium gestop is deur die "pause" knoppie te druk. Na 'n verloop van 'n onbekende tyd word die opname dan weer hervat deur die "pause" meganisme te ontkoppel. Sommige bandopnemers veroorsaak duidelike stiltes en pulse soortgelyk aan dié van 'n af/aan onderbreking, maar by ander kan die effek slegs waargeneem word as 'n verandering in die klanksein." Kan u net die woord spraak verander (10) asseblief met klanksein, want dit kan enige klanksein wees. Voorbeeld hiervan is te sien op foto's 3, 4, 7, 8, 11 en 12. Ek wil net graag op hierdie stadium aan die Hof verduidelik dat ek drie verskillende soorte bandmasjiene gebruik het vir hierdie toetse. Dit is almal tipes wat standaard deur die polisie gebruik word en ek dink dat aldrie van die bandmasjiene is verteenwoordig deur die opnames wat op die oomblik voor die Hof dien. By elkeen het ek twee voorbeeld geneem van 'n "stop/start" of 'n af/aan onderbreking, asook twee voorbeeld van 'n "pause" onderbreking. Die drie band- (20) masjiene wat gebruik was, was eerstens die Uher 4000, soos op foto's 1, 2, 3 en 4. Dan het ek gebruik 'n Philips D660 kassetbandopnemer. Dit is vir foto's 5, 6, 7 en 8 en dan ook 'n Sanyo M1150, soos verteenwoordig op foto's 9, 10, 11 en 12. Ek versoek nou dat aan die Hof voorgespeel word die klank vir hierdie eerste foto's tot by nr. 12 en dat die Hof dan, soos wat dit voorgespeel word verwys na die foto's soos aangekondig. (Klankbaan word voorgespeel)

Ek plaas op rekord dat waar die laaste keer verwys is na foto nr. 9, eintlik bedoel word foto nr. 10. Dit is 'n (30) opnamefout in die opname wat ons nou voorspel. -- Ek sal

... / graag

graag op rekord wil plaas dat ek nie te veel van die Hof wil mors met die voorbeeldie nie en daarom is daar nie lang stukke gespeel vooraf en na die onderbrekings nie.

Is daarop hierdie band van u ook nog ander opnames van u demonstrasie? -- Die ander wat op die volgende foto's verskyn is ook nog hier op. Ek gaan terug na die teks op bladsy 2 paragraaf 8. "By onderbreking as gevolg van los kontak of kortsluiting in die seindraad of ook by radio-mikrofoononderbrekings in die geval waar 'n radiomikrofoon gebruik word, isdaar slegs iets wat die egalige vloei van(10) die klanksein na die bandopnemer belemmer, maar die bandopnemer bly steeds loop en neem in sulke tye gewoonlik net 'n stukkie stilte op. Voorbeeldie hiervan is te sien op foto's 13, 14, 15 en 16." Net voordat ek vra dat hierdie stukke aan die Hof voorgespeel word, wil ek net vir die Hof verduidelik dat met hierdie soort van onderbrekings het die probleem niks te doen met die bandopnemer self nie. Dit maak dus nie saak watter tipe bandopnemer gebruik word nie. Dit word aangedui, die effek kan nie verskillend wees indien verskillende bandopnemers gebruik sou gewees het nie, want(20) die probleem ontstaan voor die klank by die bandopnemer aankom. Verder wil ek vir die Hof ook daarop wys dat foto's 15 en 16 verteenwoordig onderbrekings as gevolg van 'n kortsluiting in die seindraad. Dit is nou wanneer die twee draadjies wat die sein vervoer aan mekaar raak en tipies van wat in sulke gevalle gebeur, verskyn dit ook op hierdie ossilloskoopfoto dat gedurende die stiltetydjies daar nog kort stukkies sein deurbars op plekke waar die kortsluiting nie volledig was nie. Indien die effek daarvan taamlik erg is, word dit gehoor as 'n krapperrigheid op die opname (30) Ek versoek dan nou dat die klank vir foto's 13, 14, 15 en 16

... / voorgespeel

voorgespeel word. (Klank vir foto's 13, 14, 15 en 16 word voorgespeel.)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : U het gesê 'n los kontak hier by foto nr. 14 en by nr. 13, is daar 'n ander patroon as by die kortsluitingfoto's. Met ander woorde, 'n mens kan onderskei tussen die twee ook? -- Dit is 'n baie nuttige opmerking en waarneming wat u gemaak het. Ek sal nou binnekort iets daaroor verduidelik.

Dankie. -- (Klank word voorgespeel) Hierdie foto's demonstreer iets wat dikwels voorkom, maar nie noodwendig (10) altyd nie. Dit het sekerlik voorgekom op sommige van die opnames in hierdie geval en daarby verwys ek na foto's 13 en 14 waar daar gedurende die stiltydjie 'n rimpeling op die sein verskyn. Die egalige lyn wat verwag word naby die middel van die foto, is in dié geval 'n gerimpelde lyn en dit is 'n voorbeeld van waar "brom" op die klank toegevoeg word. Brom is 'n terme wat in elektroniese terme gebruik word om aan te dui dat daar koppeling tussen die klanksein en die kagnet, die 50 Hertz kragtoevoersisteem plaasgevind het. Dit veroorsaak 'n lae frekwensieklang wat partykeer as 'n (20) brrrrr beskryf gaan word. Ekweet nie hoe dit getik gaan word nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Dit is 'n b met 'n klomp r'e. -- Dit is 'n tipiese effek wat gebeur wanneer 'n kontak los kom. Gewoonlik is een van die twee drade wat sein voer 'n draad wat sogenaamd geaard is of gegrond is en die ander draad is dan die een wat dan die werklike sein vervoer met betrekking tot die een wat geaard is. Indien die geaarde draad los kom, dan sal die effek van brom baie ernstig wees. Indien die ander een los kom, is die effek van brom partykeer (30) baie gering of selfs glad nie teenwoordig nie, afhangende

... / van

van die situasie.

HOF : Kan ons net daar pouseer. U sê brom is die effek of dui aan op 'n koppeling tussen die klanknet en die toevoersisteem. -- Dit is reg,

Wat beteken dit presies. -- Die kragnet, die kragdrade wat 'n mens uit 'n kragprop byvoorbeeld kry of wat na die ligte toe gaan, daardie kragdrade dra hoë stroom elektriese energie teen 'n wisselende frekwensie van 50 Hertz. Daardie spanning, omdat dit wissel, dit wissel tussen +220 en -220 volt ongeveer, gedurende een siklus, want so 'n siklus word herhaal 50 keer (10) per sekonde, daardie wisselende elektriese veld, het 'n effek wat verder sprei as die plek waar daardie draad is. Dit kan selfs oor meters waargeneem word, en wanneer 'n klanksisteem opgestel word in 'n omgewing waar daar sulke kragdrade teenwoordig is wat wel krag dra, dan is daar die moontlikheid dat sulke geïnduseerde brom deur die klanksisteem opgetel kan word.

Sonder dat daar enige los konneksies is? -- As 'n mens nie versigtig is nie, ja, kan dit gebeur sonder dat daar enige los konneksies is. Daarom moet 'n klankingenieur (20) versigtig wees om sy koppelings korrek te doen sodat sulke geïnduseerde bromseine nie opgetel word nie.

Nee, wat ek bedoel is, as u nou besig is om met u apparaat 'n klankopname te maak en daar lê 'n elektriese kabel sê maar binne 'n halwe meter vanaf die apparaat verby, 'n toevoerkabel na die ligte of wat ook al, wat niks met u apparaat te doen het of met die opname te doen het nie, sal daardie kabel en die spanning daarin 'n effek hê op die opname en 'n brom veroorsaak of nie? -- Nie as die sisteem korrek ontwerp is nie. (30)

As die ander kabel behoorlik gaeaard is en geen probleem

... / het

het nie? -- Dit is korrek.

'n Brom ontstaan slegs as daar 'n fout is met jou eie apparaat? -- Dit is gewoonlik die situasie, ja.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : In verband met induksiebrom, sal induksiebrom dan nie kom ons sê maar 'n normale patroon vorm in die hele opnamepatroon nie? 'n Normale kenmerk van die hele opname nie. Met ander woorde, hy sal nie net by 'n onderbreking hoorbaar wees nie, hy sal dwarsdeur die opname hoorbaar wees? -- Dit is iets wat moontlik is en daar is een opname wat nou nie meer gebruik word in die saak nie, (10) die Antipsyc opname waar daardie effek baie sterk teenwoordig was. Daar is dit 'n geval dat die opnametegnikus, die persoon wat die installasie gedoen het het iets gedoen wat miskien nie korrek is nie of hy het nie, hy was nie versigtig genoeg nie en hy het sy bedrading sodanig gedoen dat daar van nature 'n sekere hoeveel geïnduseerde brom op die sisteem teenwoordig is. Hy het in werklikheid aan my verduidelik hoe dat hy die bedrading gedoen het en ek verstaan waarom die probleem kon gebeur. In enige mikrofoonsisteem soos ook dié wat in die hof gebruik word ... (Hof kom tussenbei) (20)

HOF : Voordat ons nou verder gaan. Die saak is moeilik genoeg. Laat ons nie bandopnames hierby insleep wat nie voor die hof is nie. Gaan u nou 'n lang diskouers gee oor die Antipsyc bandopname, want ek is nie geïnteresseerd hom nie. -- Ek het die vraag beantwoord.

Beantwoord die vraag, maar beantwoord hom op 'n algemene wyse en los die Antipsyc opname hier uit, anders het ek hom netnou voor die Hof by wyse van illustrasie en ek wil hom nie hê nie. -- Ek verstaan. Ek verwys dan liewers na die TIC opname, Transvaal Indian Council. Dit is (30)
BEWYSSTUK ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Dit is seker Transvaal Indian Congress? --

Transvaal Indian Congress, BEWYSSTUKKE 14(1) EN 14(2), waar daar enkele gevalle is waar brom ook gehoor kan word op die opname.

HOF : Maar nou het ek nog nie duidelikheid nie. U het gepraat van 'n geïnduseerde brom, dit beteken nou iets wat van buite die betrokke apparaat af kom. Is dit korrek?
-- Dit is korrek.

Dan het ons, wat ek nou maar sal noem 'n inherente bron en dit is waar die fout by die apparaat lê wat gebruik word. (10) Is dit so? Of is daar nie so iets nie? -- Daar is 'n klein verskil. Die fout lê gewoonlik nie by die apparaat wat gebruik word nie. Die apparaat lê by die manier waarop die apparaat gebruik word. Ek was besig om te verduidelik en u sal nou verstaan dat gewoonlik word 'n mikrofoonverbinding soos dié in die hof gemaak uit 'n draad wat 'n binnegeleier en 'n buitegeleier het. 'n Buitegeleier omring die binneste een geheel en al. Die hele doel daarvan is dat die buitenste een word geaard sodat die binneste een deur die buitenste een afgeskerm kan word van buite invloede. In sommige (20) gevalle is daar twee binnegeleiwers en word hulle sein na 'n transformator geneem wat dan 'n gebalanseerde mikrofoontransformatorsisteem uitmaak. Dit beteken dat daardie transformator gevoelig is net van wisselinge in spanning of te wel klanksein tussen die twee drade, maar as altwee saam sou open af beweeg in terme van spanning deur 'n geïnduseerde sein, dan word dit nie deur die transformator waargeneem nie. In die praktyk word egter gevind dat as die buitegeleier se skerm breek om een of ander rede, word daar tog wel 'n sekere mate van brom geïnduseer na die binnegeleiwers. Dit sou 'n permanente klein hoeveelheid brom in

... / die

die sein of in die opname veroorsaak. Dit is wat gebeur het in die geval waar die brom baie sterk word in die Transvaal Indian Congress se opname. Ek hoop dit beantwoord die vraag.

Ek het nog nie duidelikheid nie. Dit het alles te doen met 'n geïnduseerde bron wat van buite af kom, want dit is tog 'n oorsaak van buite wat as gevolg van 'n breuk in die aardgeleier, wat die omringende geleier is, inwerk op die binnegeleier wat die brom veroorsaak. Is dit korrek?

-- Dit is korrek. (10)

Is daar 'n brom wat nie van buite kom nie, nie geïnduseer is van buite nie, maar wat in die apparaat self ontstaan? -- Ek sou sê normaalweg, nee. Indien die apparaat korrek funksioneer sal die brom slegs van buite kan kom. Die teenwoordigheid van brom, om nou weer terug te kom, kan dan gebruik word as 'n aanduiding dat daar onderbreking was in seingeleiers eerder as 'n kortsluiting.

MNR. JACOBS : Kan u vir ons sê wat beskou u as onderbreking in die seingeleiers eerder as kortsluitings? -- Onderbreking is wanneer een van die twee draade wat na die bandopnemer (20) gaan fisies van mekaar weg raak sodat daar nie kontak is in die verdere voering van die draad nie.

HOF : Nee, nie van mekaar wegdraai nie, fisies afgebreek word? Van mekaar beteken die twee draade gaan van mekaar af. U bedoel die een draad word afgesny? -- Dit is korrek. Dit is vir my moeilik om dit presies uit te druk. Dit is makliker om te begin by kortsluiting. Kortsluiting is wanneer daardie twee draade aan mekaar raak. 'n Onderbreking is wanneer een van die draade se seinpad op een of ander plek onderbreek word, byvoorbeeld waar daardie draad aan die proppie, (30) in Engels die "plug", wat by die bandmasjien ingedruk word,

... / dat

dat daardie draad los kom van die plek waar hy aan die proppie vas kom. Dan verteenwoordig dit 'n onderbreking. Verbreking van die kontak.

MNR. JACOBS : Sal so 'n onderbreking 'n soort van 'n permanente onderbreking wees of sal dit net ... -- Dit is iets wat ek reeds Vrydag al aangeroer het, dat in enige sisteem waar daar verbindingssrade gebruik word wat beweeg moet word, is dit 'n probleem wat kan ontstaan, naamlik dat daar onderbrekings in die seindraad of kortsluitings kan wees. Die fisiese beweging van die drade maak dat daar mettertyd(10) probleme ontstaan, byvoorbeeld prop wat dikwels uitgetrek word by 'n bandmasjien en weer ingedruk word. Daar is definitiewe slytasie kan ek dit noem teenwoordig. 'n Mens kan dan kry in die een geval dat die drade permanent afbreek en heeltemal weg van mekaar beweeg. In so 'n geval kom daar dan glad nie seine deur nie en iemand wat besig is om die sisteem te toets sal besef dat daar iets verkeerd is, hy sal aanhou soek totdat hy die probleem gevind het en hy sal dit dan regstel, maar daar is gevalle waar die draad kan los kom maar nog altyd dele van die draad aan mekaar raak(20) in die sin dat die drade nie meer stewig aan mekaar raak nie, maar net toevallig aan mekaar raak. Dit kan veroorsaak dat die sein op enige onvoorspelbare tyd kan verdwyn. Dit kan soms gebeur met effense beweging van die draad wat so gering kan wees soos iemand wat met sy voet op die vloer tik of net eenvoudig iemand wat hard praat, wat 'n effense beweging in die lugmolekules veroorsaak. In sulke gevalle is die onderbrekings gewoonlik net tydelik. Daar is vir 'n kort tydjie 'n onderbreking of 'n verdwyning van die klank dan en dan kom dit weer terug. (30)

Die onderbrekings wat u in hierdie gevalle van die bande

... / wat

wat u ondersoek het, indien u sulke onderbrekings gekry het, is dit aan hierdie laaste tipe wat u beskryf het te danke of nie? -- Ja, daar is verskeie sulke gevalle waar ek sulke goed gevind het wat ek in die beskrywing van my analise noem verdwynings van klank. Ek noem dit spesifieker nie onderbrekings in opname nie, want die implikasie daarby sou dalk wees dat daar 'n onbekende hoeveelheid tyd verlore gegaan het tydens daardie verdwyning van klank. Indien die bandopnemer aanhou loop en die klank vir 'n kort rukkie verdwyn as gevolg van so 'n tegniese probleem, dan is die hoeveel-(10)heid tyd wat verlore gaan werklik dit wat 'n mens kan hoor wat weg is op die bandopnemer. As daar 'n een sekonde stilte is, dan is daar net een sekonde weg uit die opname. As daar 'n ander tipe onderbreking was soos byvoorbeeld 'n af/aan of 'n "pause" onderbreking, dan kan daar 'n onbekende hoeveelheid tyd weg wees, selfs byvoorbeeld 'n uur, terwyl die hele effek daarvan in die band self slegs miskien minder as een sekonde kan duur.

HOF : Net voordat ons afstap van 13, 14, 15 en 16, by 13 en 14 het ons 'n golwende horizontale effek, wat as gevolg(20) van die los kontak veroorsaak is. U noem dit 'n rimpeling-effek? -- Dit is korrek.

By 15 en 16 het ons 'n baie meer afgeplatte effek op horizontale lyn, maar dit lyk tog of daar 'n impuls is by 15 nader aan die linkerkant en by 16 nader aan die regterkant. Wat is dit? -- Dit is die effekte wat ek verduidelik het waar onvolledige kortsluiting plaasvind en dit is in werklikheid plekkies waar die klanksein vir kort rukkies weer deurkom.

MNR. JACOBS : U kan maar voortgaan. -- Ek gaan nou voort(30) na die laaste stukkie wat op bladsy 3 in paragraaf 9 beskryf

... / word

word en dit het te doen met iets wat na die tyd met die opname kan gebeur. "Wanneer 'n stukkie sein bo-oor 'n vorige opname gemaak word, is daar altyd aan die einde van die deel 'n stukkie skoon band wat verband hou met die afstand tussen die skoonmaakkop en die opneemkop van die bandmasjien. Dit is 'n stukkie band waarop die ou of vorige opname, 'n mens kan miskien daar bysит of vorige, reeds afgegee is, maar waar daar nog nie 'n nuwe opname op verskyn nie. Sommige bandopnemers veroorsaak ook herkenbare pulse in hierdie skoon stukkie band. Voorbeeld hiervan is te sien in (10) foto's 17 en 18." Ek lees net die stukkie van paragraaf 10 terwyl ons hier is. "In alle gevalle word twee voorbeeld van dieselfde gebeurtenis getoon om aan te dui hoe konsekwent sulke gebeurtenisse is. 'n Herhaling van dieselfde ding veroorsaak ongeveer dieselfde resultaat." Ek wil graag net op hierdie stadium aan die Hof verduidelik dat wat hier vertoon word is net 'n deel van wat gebeur wanneer 'n opname bo-oor 'n vorige opname gemaak word. Neem die situasie waar iets opgeneem is op 'n bandopnemer en na die tyd word daar teruggekom en iewers in die middel van die band waar daar (20) nou reeds goed opgeneem is word die opneemknoppie gedruk. Die bandmasjien loop nou en hy neem nou nuwe klank op bo-oor die voriges. Dit sal aanhou totdat die stopknoppie weer gedruk word.

Dit verwarr my 'n bietjie. U sê dit neem op bo-oor die vorige klank. Vee dit nie eers die vorige klank uit en neem dan op nie of wat is die posisie, want dit is 'n bietjie vir my verwarring as u sê dit neem op bo-oor die vorige klank. Dan sou 'n mens verwag dat daar 'n mengelmoes van klanke moet wees? -- Ja, dit is heeltemal korrek. Ek moet eintlik (30) sê dit neem op bo-oor die plek waar daar vantevore klank was.

... / Die

Die opneemproses gaan gepaard met 'n uitveeproses. Daar is 'n aparte plek binne-in die bandopnemer waar die band by verby moet loop, waar die band skoongemaak word. By daardie punt naamlik die wiskop of in Engels die "erase head" word vorige sein wat op die band was taamlik doeltreffend uitge-vee en verwyder vanaf die band. Van die wiskop tot by die opneemkop lê daar dus altyd 'n stukkie skoongemaakte band gedurende die tyd wanneer 'n bandopnemer opneem. Op 'n sekere stadium wanneer die stopknoppie gedruk word, stop die beweging van die band taamlik vinnig en daar is dus nog 'n stukkie (10) skoon band wat oorbly. Dit is 'n stukkie band wat reeds skoongemaak is maar waarop daar nog nie weer iets opgeneem is nie.

Is daardie stukkie band tussen die wisknop en die opneem-knop wat u van gepraat het? -- Hy is tussen die wiskop en die opneemkop. Die lengte van die band sal presies oor-eenstem met die afstand tussen die wiskop en die opneemkop. In terme van 'n ossilloskoopvertoning daarvan kan teruggewerk word uit, vanaf tyd op die ossilloskoop kan teruggewerk word na werklike fisiese lengte op die bandopnemer en vir (20) kassetopnemers geld dit gewoonlik dat daar ongeveer 'n 0,5 sekonde stukkie skoon band sal wees, teen die spoed wat 'n band loop in 'n kassetbandopnemer. Die laaste stukkie, dit wil sê waar daar weer uitgegaan word uit die opneemproses en waar daardie stukkie skoon band verskyn, is 'n baie ken-merkende effek van opname bo-oor 'n vorige opname en die voorbeeld wat op foto's 17 en 18 vertoon word, is sulke gevalle. Dit wys nie die deel waar daar begin word om op te neem bo-oor 'n vorige deel nie. Dit wys net die einde daarvan. Ek versoek dan dat ... (Hof kom tussenbei) (30)

HOF : Net voor u dit speel, dit is ook moontlik as 'n mens

... / nie

nie wakker is nie, dat ook aan die begin daar 'n gedeeltetjie is wat nog oop is? As jy begin heropneem, met ander woorde nou, op 'n stadium voordat die skoon stukkie band wat daar tussen die - op 'n stadium nadat die begin van die skoon stukkie band wat van die wiskop af kom by die opnamekop verby is, dan kry jy daar ook 'n oop stukkie? -- Nee, dit gebeur nie so nie. In werklikheid, die hele meganisme is taamlik ingewikkeld. Terwyl 'n bandmasjien opneem, sal die opneemkop ook effens uitvee aan die sein. Hy het ook 'n uitvee-effek, 'n wiseffek en 'n mens sou dan kan kry dat daar teoreties (10) 'n stukkie kan wees waar daar vorige opname en nuwe opname bo-oor mekaar kom, maar bandopnemers word ontwerp met 'n sekere vertraging in die opneemproses, juis om sulke probleme te verminder. Ek kan net sê dat dit nie gedoen word by die beter klas masjiene nie, want daar word daar verwag dat die operateur bewus sal wees van daardie soort probleme. Dit vind tipies plaas by gewone kassetopnemers. Vandat die opneemknoppie gedruk word totdat die masjien werklik begin opneem op die band, sal tipies so iets soos in die omgewing van 'n half sekonde duur. Dit sou veroorsaak dat die band (20) 'n klein rukkie loop voordat daar iets nuuts opgeneem word. Daardie gedeelte word daar seker gemaak dat wanneer daar begin word met nuwe opname, dan is die ou opname reeds uitgewis.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ons het hier by 'n vorige geleentheid opgelet dat daar 'n redelike lang vertraging was tussen die begin van die persoon se praatwerk en die begin van die opname self, wat miskien 'n bietjie meer as 'n sekond is, as enkele sekondes? -- Ja.

Hierdie faktor wat u nou van praat, is dit een van die (30) moontlikehede wat dit kan veroorsaak? -- Nee, die aspek wat

... / ek

ek nou noem kan nie meer as 'n half sekond wees nie.

En dan die lengte van die leierstukkie? -- Die stukkie skoon band of deurskynende band aan die begin van 'n kasset-band kan etlike sekondes aanhou. Dit kan vyf of ses, gewoonlik in die omgewing van vyf of ses sekondes, as ek reg onthou, ek praat onder korreksie.

Dit wil sê 'n opnemer het nie die versekering dat hy die eerste woorde gaan opneem as hy aanskakel sodra hy sien die persoon maak sy mond oop om te begin praat nie? -- Dit is korrek. Daar kan sekerlik 'n sekere hoeveelheid tyd verlore gaan. (10)

MNR. JACOBS : Goed, u kan voortgaan. -- Ek versoek dat daardie stukkie voorgespeel word aan die Hof. (Klankbaan word voorgespeel aan Hof) Ek sou graag net hierby wou toevoeg dat dit algemeen is dat daar 'n stukkie stilte sal wees aan die begin en 'n ander tipe stukkie stilte aan die einde van so 'n ingevoegde stukkie. Daar kan dikwels op die ossilloskoop sekere elektroniese pulse van 'n klein amplitude waargeneem word gedurende hierdie stiltydjies en dit is gewoonlik baie akkuraat moontlik om vas te stel watter is (20) die begin en watter is die einde van daardie deel. In die algemeen wil ek graag iets sê oor die prinsiep van 'n stukkie opname om te maak bo-oor 'n vorige opname.

HOF : Is dit nou wat bekend staan as "dubbing"? -- Daardie terme word ook gebruik daarvoor. "Dubbing" kan ook 'n wyer betekenis hê.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Word "dubbing" nie ook gebruik by die opneem van sê maar 'n grammofoonplaat nie? Noem hulle dit nie ook "dubbing" nie? -- Ek dink die terme "dubbing" word gebruik in die sin dat daar by 'n vorige opname (30) klank bygevoeg word, sodat daar byvoorbeeld reeds musiek is

... / en

en op sekere plekke word die musiek dan sagter terwyl daar spraak by kom. Die tipe van effek waar die musiek heeltemal sou verdwyn waar daar spraak by kom, sal gewoonlik "editing" genoem word. Die gewone manier om "dubbing" te doen is om die bandopnemer se wiskop nie aan te skakel terwyl daardie stukkie spraak bygevoeg word nie. Dit veroorsaak dan net dat die vorige klank effens sagter word, maar nie geheel en al verdwyn nie. Die effek wat ek hier beskryf van 'n stukkie opname bo-oor 'n vorige, is iets wat maklik per ongeluk kan gebeur. Iemand wil die band speel maar instede daarvan dat hy net die speelknoppie druk, druk hy die opneem- en die speelknoppies altwee saam en die mees waarskynlike persoon om so 'n fout te maak, is die persoon wat die oorspronklike opname self gemaak het en dit veral wanneer hy na daardie opname luister met dieselfde bandopnemer as wat hy oorspronklik gebruik het om op te neem. Toe daar- die persoon die opname gemaak het, was hy gewoond om beide speel- en opnameknoppies saam te druk en as hy nou na die tyd luister, dan moet hy slegs een van daardie knoppies druk.

(20)

MNR. JACOBS : Is dit die luisterknoppie? -- Dit is dan die luister, die "play" knop. Daardie selfde persoon wat die opname gemaak het, wanneer hy agterna heen en weer spoel op die band om te luister na verskillende dele, dat hy dan 'n fout maak en per ongeluk die opneem en speelknoppies saam druk soos wat hy gewoond was om te doen toe hy die opname gemaak het. In so 'n geval kom die persoon gewoonlik baie gou sy fout agter, want hy verwag om klank te hoor, terwyl daar op daardie stadium dan geen klank hoorbaar is nie. Dan besef hy gou hy het 'n fout gemaak en hy dan druk dan weer die stopknoppie. Dit is die einde van my algemene

(30)
... / getuenis

getuienis. Ek sal graag nou wil oorgaan tot spesifieke getuienis.

HOF : Is u spesifieke getuienis gedemonstreer en is dit op die band gedemonstreer? -- Nee, ek het geen demonstrasies daarvan nie.

Wat hierdie band betref, is ons nou klaar met hom? --

Ja.

Dan sal hy ingaan as 'n bewysstuk. Dit sal dan BEWYS-STUK (32) wees.

MNR. JACOBS : Net voordat ons afstap van hierdie bewys- (10) stuk. As 'n mens kyk na hierdie foto's wat u gehad het, 3 en 4, dan lyk hulle vir my 'n bietjie anders. Kan u net vir ons aandui hoekom is hulle so verskillend? Op die rugkant is daar geskryf in die houer "Heropnames van klank vir onderbreking in opnames-voorbeeld. (86-06-05)" Op die agterkant van daardie selfde houer onder afdeling A het ek BEWYSSTUK 32 gemerk. Op die kasset self is daar 'n etiket aangebring op die voorkant daarvan waar A staan. Daar ook staan "Heropnames van klank vir onderbreking in opnames - voorbeeld." En ek het daar gemerk BEWYSSTUK 32(20) net langs dit in rooi.

HOF : Gaan u nou oor na ABD(4)?

MNR. JACOBS : Net voor ek gaan, dit is vir my 'n bietjie onduidelik hoekom verskil dit. As die kolonel net miskien vir ons hierdie foto's sê hoekom dit so verskil.

HOF : Na watter verwys u nou?

MNR. JACOBS : Veral 3 en 4 wat vir 'n bietjie as 'n leek heeltemal onverstaanbaar is. Miskien kan hy net vir ons 'n bietjie meer duidelikheid gee. -- Ek sal graag wil antwoord op daardie vraag, in verwysing na foto's 3 en 4 in (30) BEWYSSTUK ABD(3). Dit was gevalle waar daar onderbrekings

... / in

in die opname veroorsaak is deur die "pause" knoppie te druk op die Uher 4000 bandopnemer. Die ondervinding het vir my geleer dat die Uher definitiewe pulspatrone los op die band. Met ander woorde daar is altyd sekere pulspatrone teenwoordig, maar die pulspatrone is nie konsekwent nie. Hulle is nie altyd dieselfde nie. Hulle sal naamlik afhanklik wees van die klank wat teenwoordig was net voor en net na daardie onderbrekingspunte. Elkeen van hulle het egter 'n gedeelte waar daar 'n baie skerp oorgang is. U sal sien dat op beide foto's 3 en 4 ongeveer in die middel van die (10) foto is daar snaakse ekskursies na bo en onder wat ook beskryf kan word as oneweredige pulse. Op foto 3 aan die linker-kant van hierdie middelste pulsgroep is daar 'n deel waar dit lyk asof die klank skielik ophou en op 'n ander plek op die foto weer begin. Op hierdie plekke is daar in der waarheid 'n vreeslike vinnige beweging van die sein van een punt na 'n ander. Daar kan hoogstens 'n baie dowwe lyntjie verskyn op 'n ossilloskoopfoto daarvan. Hierdie baie skielike oorgang veroorsaak 'n sterk hoorbare klikgeluid. Op foto nr. 4 is daar ook plekke waar daar vinnige oorgange (20) plaasvind, maar nie heeltemal so prominent soos op foto nr. 3 nie. So, die verskille hier op is basies te wyte daaraan dat daar verskillende klank teenwoordig was voor en na die tyd by die twee gevalle. Ek kan miskien net saam met hierdie ook iets sê van die pulsonderbrekings vir die Philips band-opnemer by foto's 7 en 8. Die enigste effek wat hier waargeneem kan word op die ossilloskoopfoto is 'n betreklike klein puls wat op albei voorkom ongeveer in die middel van die foto. Dit verteenwoordig die punt waar daar van die een tipe klank oorgegaan word na die ander. Tussen dié (30) twee plekke links en regs van daardie klein pulsie, kan daar 'n

... / lang

lang tyd verlore wees. In 'n geval soos hierdie en meer so nog dié op die volgende wat ek sal beskryf by foto's 11 en 12 word die onderbreking waargeneem meer in terme van die verandering in spraak of ander klanksein wat teenwoordig is, as in terme van die klikgeluid wat gehoor kan word. Vir die Sanyo M1150 band opnemer soos op foto's 11 en 12 is daar geen waarnemende puls op die ossilloskoopfoto nie. Al wat waargeneem kan word is dat daar 'n skielike verandering is in die klankpatroon. As daar met die oor hierna geluister word, kan die verandering in klankpatroon (10) egter baie duidelik gehoor word.

Dan net nog een vraag. In u getuienis het u deurlopend gebruik gemaak van 'n kort rukkie, van tyd wat die klikgeluid is en toe ons geluister het na hierdie voorbeeld wat u het, al wat ek partykeer kon waarnem is net 'n klikgeluidjie. As u praat van 'n kort rukkie, as iemand anders nou nie u getuienis hier hoor en verstaan nie en nou hierdie rekord moet lees, sal 'n mens kan dink 'n kort rukkie kan ook tien sekondes wees , twintig, dertig? Wat bedoel u? Kan u vir ons 'n meer duidelike tydsdefinisie hier gee? -- Dit is (20) natuurlik moeilik om 'n presiese definisie daaraan te gee, maar ek beskou gewoonlik kort in hierdie tipe van sin as iets wat minder as twee sekondes in beslag sal neem. Dit kan natuurlik heelat minder ook wees, in die orde van enkele duisendstes van 'n sekonde. Op hierdie foto's, meeste van dié wat as voorbeeld gegee word, is die tydskaal iets in die omgewing van een sekonde. As ek net vinnig daardeur gaan. Dié vir foto's 1 en 2 is een sekonde totaal, foto's 3 en 4 is dit 0,2 sekondes totaal, vir 9 en 10 af/aan onderbrekings is dit een sekonde, maar in dié (30) geval is foto's 11 en 12 van hierdie "pause" onderbrekings

... / van

van 'n heelwat kleiner stukkie tyd, 0,02 sekondes. Dit sal wees 20 millisekondes. Foto's 13 en 14, die af/aan onderbrekings ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Hierdie is die voorbeeld wat u gebruik het. Ek wil net graag weet, die maksimum wat u as kort beskou is twee sekondes? -- Ja, ek het besluit om in die - waar ek die analyses vir hierdie bande vir hierdie saak beskryf het, as ek net die beskrywing kort gee, byvoorbeeld kort verdwining van klank, sal dit aandui minder as twee sekondes.

U bevestig dan hierdie deel van u getuienis wat u (10) gelewer het soos vervat in ABD(3) en u handig dit in as BEWYSSTUK ABD(3). -- Dit is korrek.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Kolonel, dan gaan ons oor na ABD(4) toe. -- Miskien is dit 'n geleë tyd om 'n verdere antwoord te gee op 'n vraag van die Hof verlede Vrydag oor maniere waarop 'n band gewysig kan word, hoe daar veranderings aan 'n band aangebring kan word. (20)

Ek dink die woord wat gebruik was, was gedokter kan word. -- Ja. As dit die Hof behaag, sal ek graag 'n paar dinge daaroor wil verduidelik?

HOF : Ja. -- Die gewone manier waarop 'n bandopname verander kan word op 'n professionele wyse sodat daar na die tyd nie veel aan die veranderings bespeur kan word nie, is om dit te doen op die manier soos dit in professionele ateljees gedoen word. In daardie geval word die band fisies gesny en die dele van die band word aanmekaar gelas. In hierdie gevalle word die band met 'n skêr afgesny, dele wat nie gebruik word nie, word weggegooi en dele wat gebruik moet

... / word

word, word weer aanmekaar gelas met plakband. Die algemene Engelse terme vir die prosedure is "splicing". Wanneer band op so 'n manier gelas word, is dit nodig dat die opname gemaak moet wees op 'n band wat teen 'n redelike hoë spoed loop. Die laagste spoed waarteen dit redelik betroubaar gedoen kan word is omtrent 19 sentimeters per sekonde wat ooreenstem met $7\frac{1}{2}$ " per sekonde in die ou terme, maar verkieslik word dit gedoen teen dubbel daardie spoed, naamlik 15" per sekonde of ongeveer 38 sentimeter per sekonde. Lasplekke kan gemaak word slegs in stil dele. Dit wil sê in dele waar die spreker vir 'n oomblikkie stilbly of in sommige gevalle in klein gapings wat daar tussen woorde kan bestaan. Die laasgenoemde kan egter net deur gespesialiseerde personeel en in spesiale gevalle gedoen word. Normaalweg in sulke gevalle word daar gewag totdat 'n spreker stilbly om asem te haal en op dié manier word volledige sinne verwyder en ander dele aanmekaar gelas. Dit kan gedoen word op opnames wat in klankateljees gemaak word, sodat daar 'n baie laevlak van agtergrondgeraas of agtergrondklank teenwoordig sal wees. Indien daar agtergrondklanke teenwoordig is op 'n opname, soos wat daar tipies sal wees waar daar 'n opname in 'n saal gemaak word, waar daar mense is wat hoes of rond-skuifel op hulle sitplekke, of diverse ander agtergrondklankbronne kan wees, raak dit 'n uiters moeilike prosedure. In sulke gevalle sal dit gewoonlik moontlik wees vir 'n luisterraar om baie duidelik te hoor waar sulke lasplekke plaasvind, omdat daar 'n mindere of 'n meerdere mate van dis-kontinuïteit in die agtergrondklanke sal wees. 'n Ander manier om 'n stukkie klank weg te laat uit 'n opname, is om van twee bandmasjiene gebruik te maak. Die een bandopnemer en die ander bandopnemer neem op. Die verbinding word dan

... / met

met 'n draad gedoen tussen die twee bandopnemers sodat daar geen lewendige mikrofone in daardie opstelling is nie. 'n Deel wat weggelaat wil word, kan dan op die volgende manier weggelaat word. Die persoon sit die spelende bandmasjien aan die gang asook die opnemende bandmasjien, maar wanneer op die plek gekom word waar die deel is wat wegge- laat moet word, dan word die "pause" knoppie gedruk op die opnemende bandopnemer. Wanneer die deel wat weggelaat moet word verby is, word die "pause"knoppie op die opnemende bandopnemer weer gelos. Met 'n knap operateur en onder (10) gunstige omstandighede kan so'n proses plaasvind sonder dat luisteraars noodwendig iets daarvan hoef waar te neem. 'n Geoefende luisteraar sal egter nie maklik so iets lsaat verbyglip nie, aangesien daar geluister word na baie meer dinge as die teenwoordigheid van klikgeluide. Daarby sluit ek in dinge soos reeds voorheen genoem, naamlik spreektempo, toonhoogte of "pitch", luidheid van spraak en ook sulke dinge soos opgewondenheid en gespannenheid van die stem ensovoorts. Enige skielike verandering in enige van daardie aspekte, sal onmiddellik die geoefende luisteraar(20) se aandag trek en daar kan dan deeglike ondersoek ingestel word na die oorsaak. Indien so 'n persoon dan sou gebruik maak van 'n bandopnemer wat definitiewe pulse op die band laat in sulke omstandighede, sal die pulse waargeneem word. Om klank by te voeg in 'n opname, is uiters moeilik, aangesien dit baie moeilik sal wees om die toestande wat geheers het tydens die oorspronklike opname na te boots. Wanneer 'n opname byvoorbeeld in 'n saal gemaak word, is daar altyd 'n sekere agtergrondgeraasvlak tesame met 'n sekere omgewings-indruk, wat oorgedra word. In Engels word dit ook (30) "ambience" genoem en dit sal verander na gelang die posisie

... / waar

waar die spreker in die saal staan en praat. Dit sal verander volgens die hoeveelheid mense in die saal, aangesien mense 'n sekere klankdempende effek het en dan natuurlik die teenwoordigheid van mense veroorsaak geraas deurdat hulle hoes of rondskuifel ensovoorts. 'n Opname wat in 'n klankateljee gemaak word klink anders as 'n opname wat in 'n saal gemaak word en so 'n stukkie spraak sal nie bygevoeg kan word by die opname uit die saal sonder dat dit waargeneem word nie. So, die enigste praktiese redelike manier om 'n opname wat in 'n saal gemaak is te verander en daarby dink ek (10) aan die woord peuter, om aan so 'n opname te peuter is om dele van die oorspronklike opname weg te laat. Soos reeds gesê, toevoegings is uiters onprakties. Indien enige verandering gemaak word met, ek sou dit noem, eenvoudiger toerusting wat gewone kassetbandmasjiene insluit, dan sal die aktiwiteit van "stop" en "record" knoppies waargeneem kan word op die opname. Ek dink dit is omtrent so veel as wat ek daaroor wou sê. Ek weet nie of daar dalk v्रae daaroor is nie.

MNR. JACOBS : Ek kan miskien net 'n paar vrae vra om duide- (20) likheid te kry. Hierdie eerste metode waar daar 'n stuk uitgesny of ingelas word, kan u net vir ons sê, as daar so 'n las is of 'n stuk uitgesny is, sou dit as die masjien speel klikgeluide veroorsaak waar die las is? -- As daar 'n lasplek gemaak is in 'n band en daardie band word op die ou end gebruik, dan kan so 'n lasplek waargeneem word.

HOF : Met die oog?-- Beide met die oog en ook met die oor. Dit sal veral by laer spoed bandopnemers gewoonlik ook 'n waarneembare pulspatroon op die ossilloskoop veroorsaak, maar so 'n proses sal deur 'n kundige persoon gedoen word (30) nie op die band wat op die ou end voorgelê word as synde die

... / oorspronklike

oorspronklike nie Wat daar sal gebeur is, so 'n persoon sal van die oorspronklike af 'n heropname maak op 'n ander bandopnemer en die ander bandopnemer sal dan een wees wat teen die nodige hoë spoed loop. Op hierdie ander bandopnemer sal enige nodige veranderings dan gemaak word en na voltooing daarvan sal die hele veranderde opname weer teruggeplaas word op die vorige band of op nuwe band. In so 'n geval sal daar gewoonlik tekens wees van die maak van 'n heropname, aangesien daar definitiewe heropname prosesse by betrokke is. Iemand wat self nie 'n deskundige is (10) in die analise van bandopnames vir die doel om te sien of daarmee gepeuter is nie, sal waarskynlik nie eers bewus wees van al die moontlike leidrade wat op 'n band kan voorkom om aan te dui dat dit 'n heropname is nie.

MNR. JACOBS : Net nog een vraag op daardie aspek oor die laskwessie. Blybaar het hoë spoed daar iets te doen. Die tipe masjiene wat gebruik was in hierdie saak en van die bande wat u ontleed het, dit is die Uher en die Philips en Sanyo, hoe is hulle in verhouding tot spoed? As ek net miskien duidelikheid daar kan kry? -- Die kassetmasjiene (20) kan glad nie teen hoë spoed loop nie. Die Uher bandmasjien kan wel teen die spoed van 19 sentimeters per sekonde loop, wat die minimum spoed is waarteen sulke fisiese lasplekke gemaak kan word, maar die, al hierdie bandmasjiene, insluitende die Uher het nog 'n verdere probleem in dat hulle aan twee kante van die band kan opneem. Enige verandering aan die een kant van die band, sal 'n effek hê ook op die ander kant en enige opname wat aan die ander kant sou wees sou dus ook geaffekteer word. Die enigste geval waar dit nie ter sprake is nie, is wanneer die ander kant van die (30) band geheel en al skoon is, maar in daardie geval is die

... / teenwoordigheid

teenwoordigheid van klikgeluide wat ontstaan van sulke lasplekke baie opvallend.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Net duidelikheidshalwe, wat u nou verduidelik het van die heropname teen 'n hoë spoed, peuter met die ding en dan weer terugplaas op 'n band teen 'n laer spoed, daardie prosedure van peuter met 'n band, het dit nog steeds net betrekking op die uithaal van inligting op die band? Die uithaal van klank uit die band? -- Ja, omdat die oorspronklike opname gemaak is in 'n plek met heelwat agtergrondgeleiding. (10)

Dit is nog steeds moeilik om nuwe klank by te voeg?

-- Uiters moeilik, ja.

MNR. JACOBS : Dan net een vraag nog waar dit by die laskwessie kom. Hierdie kassette, leen hulle hulle daarvoor dat 'n mens die band daarop maklik kan uithaal en dan lasse op hulle aanbring? Ek praat van die kassette spesifiek wat gebruik was? -- Nee. Om 'n lasplek op 'n kasset te maak, is niemaklik nie. Dit is 'n taamlike ingewikkeld prosedure. Dit is gewoonlik baie maklik opspoorbaar na die tyd.

HOF : Hoekom sê u so? Kan 'n mens nie die kasset oopmaak en die band uithaal nie? -- Ja, dit kan gedoen word. (20)

Is dit dan verskillend of jy daardie band uithaal en aan hom peuter en of jy aan een van die tolle peuter? -- Ja, een van die groot probleme is natuurlik die spoed waarteen 'n mens werk. By die kassetbande is die spoed laag, naamlik 4,7 sentimeters per sekonde. As 'n mens dan soek na 'n stil plekkie op die band, dan moet 'n mens baie, baie akkuraat werk. Verder meer is dit ook moeilik om daardie dun band soos in kassetopnemers gebruik word weer sodanige aanmekaar te las dat die twee dele presies in dieselfde lyn met mekaar lê en daarom gebeur dit feitlik sonder uitsondering (30)

... / dat

dat waar 'n kassetband fisies gelas word, daar 'n hoorbare klikgeluid op die band ontstaan.

MNR. JACOBS : Om so 'n las te doen, moet jy van die band aanmekaar plak waar die een deel afgesny is en jy bring die ander deel om hom aan te sit? Gaan daar "overlapping" wees, soos hulle sê? Hoe las 'n mens, die lasmetode? -- 'n Las word gemaak deur stukkies uit die band uit te sny, dit gaan noodwendig daarmee saam, die twee ente wat aan mekaar gelas moet word word dan altwee mooi gelykmatig afgesny, verkieslik effens skuins. Altwee moet dan presies dieselfde (10) hoek gesny word skuins en hulle word dan langs mekaar gelê dat die twee ente aan mekaar raak. Hulle oorvleuel mekaar nie. Hulle moet so goed as moontlik aan mekaar raak en dan word daar 'n ander stukkie plakband bo-oor aan die agterkant geplak om die band nou weer bymekaar te hou en daardie stukkie wat bo-oor geplak word, moet nie uitsteek aan die kante nie, want dan sal hy veroorsaak dat die band op en af wip soos hy deur die koppe beweeg en dit sal lastige steurings veroorsaak.

Waar hulle bymekaar kom, om hulle aan mekaar te heg, (20) sou hy dan ook 'n blank stukkie daar veroorsaak as jy hom speel of nie? -- As die twee dele van die band baie mooi netjies teen mekaar geplak is, dan kan daardie stil stukkie baie klein is. In beginsel gebeur dit gewoonlik met kassetband dat dit nie moontlik is om die twee stukkies band perfek teen mekaar te kry nie en dan is daar 'n klein stukkie waar daar eintlik geen normale band is nie, net die stukkie plakband en daardie stukkie plakband veroorsaak 'n kort stukkie stilte op die band. 'n Mens moet in hierdie terme 'n bietjie dink aan hoe 'n lang stuk stilte so 'n (30) stukkie kan veroorsaak. As 'n mens dink dat die band so

... / geplak

geplak word dat daar 'n halwe millimeter tussen die ente is waar hulle aan mekaar kom, 'n klein gapinkie van 'n halwe millimeter, dan probeer ek nou vinnig dink, die band loop teen 4,7 sentimeter per sekonde. Dit wil sê 47 millimeter per sekonde. So, helfte daarvan sal omtrent die helfte in 50 wees of een in 'n honderd wat dan sal neerkom op 'n stukkie van omtrent 10 milliseconde. 'n Gapinkie van 10 milliseconde wat baie maklik hoorbaar is.

En as ek dan reg verstaan het wat u getuienis is, na daar 'n las gemaak is, sê u daar word 'n heropname gedoen (10) om dit dan meer te verbloem en dan gaan jy uiteindelik nie met die oorspronklike band sit nie, maar met 'n heropname?

-- Dit is korrek. Ek kan u net gou verduidelik waarom die probleem wat ek nou verduidelik het nie eintlik plaasvind wanneer sulke lasplekke gemaak word op hoë kwaliteitmasjiene nie. By die tipe masjiene waarop sulke lasplekke gemaak word, word daar gebruik gemaak van enkel spoor masjiene.

Met ander woorde die wydte van die band wat gebruik word om 'n opname te maak, strek oor die hele wydte van die band. Die kop, die speelkop is amper netso wyd as wat die band (20) is. Dit word genoem een spoor masjiene en in sulke gevalle as 'n band gelas word effens skuins dan vind 'n mens dat die hele lasplek beweeg nie gelyktydig by die kritiese deel van die kop verby nie. Die lasgedeelte begin geleidelik van byvoorbeeld die bokant van die kop en beweeg af tot die onder kant, sodat daar geen skielike oorgang is nie, maar op 'n kassetband byvoorbeeld is die wydte van die baan wat gebruik word om die opname te maak geweldig smal en dit is dus onprakties om 'n band so te las dat daar nie 'n klein gaping in die band is wat alles op een slag by (30) die kop verbygaan nie. By die professionele masjiene is die

... / wydte

wydte van die kop gewoonlik 'n minimum van omtrent 6 millimeter, terwyl in kassetmasjiene is die wydte selde meer as 1 millimeter.

Dan die tweede metode wat u sê waar gepeuter kan word is die "pause" metode, wat u sê dit sal op 'n heropname verskyn, waar die twee masjiene aan mekaar gekoppel word sonder mikrofone. Is dit reg? -- Dit is korrek, ja.

Ook in hierdie geval, wil ek net vir u vra, as 'n mens so 'n ding wil verbloem wat dan eintlik voorgelê word gaan dan ook 'n heropname wees en nie meer die oorspronklike (10) stuk nie? -- Dit is korrek.

Dan net by die derde metode van klankbyvoeging. Dan gaan jy 'n oorspronklike stuk hê waar net ekstra klank bygevoeg word by die bestaande klank. -- Ja.

Dit is nie 'n kwessie dat jy 'n stem kan uithaal en 'n ander een daar insit nie. Dit is wat ek net duidelikheid oor wil hê by die klankbyvoeging? -- Ek is nie heeltemal seker dat ek ... (Hof kom tussenbei)

HOF : 'n Mens kan seker die toespraak uithaal en 'n hele toespraak insit. (20)

MNR. JACOBS : Ek bedoel gedeeltelik, as 'n mens dit gedeeltelik net wil doen.

HOF : U bedoel een woord van een man verander met 'n woord wat iemand anders gesproke het?

MNR. JACOBS : Dit is reg, ja.

HOF : Bedoel dit dat in mnr. A se toespraak u byvoorbeeld 'n woord sou kan vervang en invoeg of iets invoeg met u stem? -- Teoreties is dit moontlik, maar jy kan self dink die praktiese probleme daaraan is so geweldig want daardie stukkie stem moet nou in alle opsigte ooreenstem met die (30) res, anders sal sy teenwoordigheid baie opvallend wees en

... / duidelik

duidelik waarneembaar.

MNR. JACOBS : Is dit die enigste drie metodes waarop 'n kasset of 'n ander band "gedokter" kan word? -- Ek dink daar is 'n groot verskeidenheid van maniere hoe dieselfde effek prakties gedoen kan word, maar hierdie wat ek beskryf het is basies dit wat gebeur. Of dit miskien op 'n ander manier gedoen word en of dit nou presies op hierdie manier gedoen word, daar kan 'n mens miskien oor argumenteer. Ek kan byvoorbeeld hier net een ander tipe manier noem wat nog altyd neerkom daarop dat 'n sekere deel weggelaat word (10) en dit is die volgende. Na die tyd besluit hy dat 'n sekere deel wil hy weggelaat hê. Dan gaan hy na die punt op die opnemende band waar die deel weggelaat moet word en hy speel die spelende bandmasjien van 'n stuk voor dit en wanneer die nuwe deel wat hy wil hê wat wel ingevoeg moet word verbykom, wanneer hy hoor nou is die deel wat hy wil weglaat, en nou gaan die deel kom wat hy wel wil opneem, op daardie punt druk hy weer die opneemknoppie van die bandopnemer wat gaan opneem. Met ander woorde hy het nooit van "pause" gebruik gemaak nie. Hy het 'n ander manier gebruik om ook 'n (20) stuk weg te laat

HOF : Dit begryp ek nie mooi nie. Wat het 'n mens dan met die tweede masjien gedoen? Jou opnemende masjien. Het jy hom aan- en afgeskakel? -- Hy was vir 'n stadium af gewees, ja.

Nee, dit begryp het. So, in plaas daarvan om die "pause" te gebruik waar die masjien nog aan is, maar nie meer loop nie, het jy die hele ding afgeskakel vir 'n oomblik. -- Dit is reg en daar is dus 'n tweede heropname proses aan die gang. Met ander woorde, die spelende bandmasjien loop weer 'n keer en daar word weer 'n slag oor opgeneem (30) op die deel wat nou weggelaat moet word.

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Maar in so 'n geval sal u nie die oorspronklike hê nie, maar u sal van 'n duplikaat of 'n heropname gebruik moet maak? -- Dit is korrek.

Kan ons dan gaan na die volgende deel van u getuienis. Dit is ABD(4). -- ABD(6) het 'n aantal dele en ek wil net eers iets vertel daarvan. ABD(6) behels my analise van die bande. In die BEWYSSTUK ABD(6) het ek die punte neergeskryf waar ek op die band iets gevind het wat ek as opvallend beskou het, terwyl in my beskrywings in BEWYSSTUKKE ABD(4) en ABD(5) daardie beskrywings het ek gebaseer (10) op bevindings soos uit die analise beskryf in ABD(6). Dit sal dus nodig wees in die bespreking hiervan om gesamentlik te kyk na die betrokke deel in ABD(4) of (5) en die ooreenstemmende deel in ABD(6).

Waar ons dan in ABD(4) op bladsy 6 sal begin met die Luthuli Memorial Service, dit is waar u hoofgetuienis begin, is dit miskien wenslik om dan ABD(6)(ii) te neem en dan eers wat u werklik gevind het op die bande aan die Hof te gee en dan kan u dit verder neem op bladsy 6.

Is dit wat u bedoel? -- Ja, dit is omtrent reg. Wat ek (20) eintlik bedoel is dat 'n mens die twee saam-saam moet beskou. 'n Mens moet kan kruisverwys tussen altwee dele.

HOF : Kan ons net een ding opklaar. Dit is dat u ABD(4) begin by bladsy 6. Dit is nie veronderstel dat dit aansluit by iets anders nie? -- Nee, dit was die Antipsyc deel wat daar ingekom het, wat verwyder is.

Dus ABD(4) bestaan uit bladsye genommer vanaf 6 tot 20. -- Dit is korrek. Ek sal dan voortgaan met bespreking van die Luthuli Memorial bande, BEWYSSTUKKE 31(1) en 31(2). Daarmee saam sal daar ook verwys word na die transkripsie (30) daarvan op BEWYSSTUK V(24). Die analise hiervan is op

... / BEWYSSTUK

BEWYSSTUK ABD(6) punt 2 en dit sal nuttig wees as'n mens dit kan lê langs die bespreking van die betrokke deel ABD(4). Ek begin met ABD(4) op die eerste bladsy wat gemerk is Hoof spesifiek bladsy 6. Die opskrif daar is "Luthuli Memorial 1983-07-04 (Hoofgetuienis)." "1. Vir hierdie vergadering is daar twee kassetbande. Die eerste is aan albei kante opgeneem tot aan die einde terwyl die tweede (dit sal dan wees BEWYSSTUK 31(1)) net aan die een kant opgeneem is en wel nie tot aan die einde nie. (Dit sal wees BEWYSSTUK 31(2)). 2. Die bande is volledig (10) vergelyk met die transkripsie van die vergadering wat beskikbaar is. Daarvolgens is dit duidelik dat die transkripsie 'n volledige en nagenoeg woordeliks korrekte weergawe is van alles wat op die opnames verskyn." Ek wil dit graag net aan die Hof verduidelik op hierdie punt dat ek vergelykings kon doen slegs van dele waar daar Engels of dan miskien Afrikaans, ek glo nie hier is enige Afrikaanse dele hierop nie, gepraat word. Ek kon nie woordelike vergelykings doen natuurlik in gevalle waar daar 'n Bantoetaal gepraat word nie en in meeste van die vergaderings is (20) dit net die sang en die slagspreuke en hier en daar opmerkings tussenin wat in Bantoetaal is, naamlik die Huhudi Youth Organisation vergadering waar daar lang stukkie is wat in 'n Bantoetaal gepraat word. Dus as ek sê ek het gevind dit is 'n volledige en nagenoeg woordeliks korrekte weergawe van alles wat op die opnames verskyn, dan verwys ek nie na die sang nie en ek verwys nie na lang dele wat in Bantoetaal gepraat is nie. My implikasie hier is dus eerstens dat die transkripsie is 'n volledige weergawe is en daarmee impliseer ek dat alles wat op die band is, is ook op (30) die transkripsie. As ek sê nagenoeg woordeliks korrekte

... / weergawe

weergawe impliseer ek dat ek daar duidelik gepoog was om die transkripsie woordeliks korrek te kry en grotendeels is dit dan ook so. Daar is egter wel plekke waar die transkripsie nie woordeliks ooreenstem met wat gesê word nie en ek beskou sulke plekke slegs as foute wat gemaak is deur die transkrybeerder.

HOF : Kan ons nou net daar pouseer. Is daardie plekke aangedui in u kommentaar? -- Hoofsaaklik nie.

Wel, as u dit nie aandui nie, danwerp u nou 'n waas van donkerheid oor al my transkripsies. -- Nee, wat ek (10) wil byvoeg hier is dat my indruk was dat die foute wat voorkom geen wesenlike verandering maak ... (Hof kom tussenbei)

Dit is u oordeel. Ek wil seker maak dat my transkripsies korrek is en as daar fout in die transkripsie is, dan moet u vir my sê waar die fout in die transkripsie is. Ek kan nie sit met 'n transkripsie en 'n argument later dat daar 'ndeskundige is, dat na sy mening dit nie wesenlik is nie, want dit is iets wat ek moet beoordeel. -- Ek sou enkele plekke kan aandui waar ek notas gemaak het van waar ek verskille kry maar daar is gevalle waar ek - ek sou sê (20) waarskynlik baie gevallen waar ek nie notas gemaak het van waar ek verskille gekry het nie.

Wat maak ek met die transkripsies, mnr. Jacobs?
Gaan julle nou almal sit om al hierdie transkripsies met die bande te vergelyk?

MNR. JACOBS : Ons sal seker nou verplig wees om dit nou te doen.

HOF : Ek is bevrees julle sal moet. Gaan maar voort..

MNR. JACOBS : Gaan maar voort. -- "Die kwaliteit van die opname - dit is in hierdie spesifieke geval BEWYSSTUK (31) (30) wissel van redelik tot goed. 3. Die indeling van die

... / kassetbande

kassetbande op die transkripsie en die tydsduur van elke deel van die vergadering is as volg: Band 1 verwys nou in hierdie geval na BEWYSSTUK 31(1). So, band 1 kant 1 strek van bladsy 1 tot bladsy 15 in die middel ongeveer soos aangedui. Die tydsduur vir hierdie deel van die opname is naastenby 48 minute. Dan vervolgens band 1, dit wil sê BEWYSSTUK 31(1) kant 2, strek op die transkripsie vanaf bladsy 15 in die middel tot bladsy 39 die einde. Die tydsduur vir daardie deel is ook naastenby 48 minute.

Wanneer ek sê tydsduur is naastenby 48 minute, dan kan (10) dit beteken dat daar een of twee minute verskil sal wees insoverre as dat die werklike tydslengte soos wat na die tyd waargeneem is tot 'n klein mate afhanklik is van die akkuraatheid van die spoed waarteen die bandopnemer geloop het tydens die maak van die oorspronklike opname. Verder aan is daar "Band 2, dit wil sê BEWYSSTUK 31(2) kant 1. Dit strek van bladsy 40 tot bladsy 52 en die tydsduur vir daardie deel is naastenby 33 minute. Paragraaf 4. My ondersoek van die bande het duidelik getoon dat behalwe vir die een geleentheid in die sang naby die begin van (20) band 1 kant 1 (tellerlesing 024 soos beskryf in paragraaf 6) die bandopnemer wat gebruik was vir die maak van die opname nie gestop was binne die opname van die vergadering wat op die bande voorkom nie. Vanaf teller lesing 024 vir band 1 kant 1, en in geheel vir band 1 kant 2 en band 2 kant 1, is die opnames ononderbroke." Daar sal binnekort gekom word by paragraaf 6 waar die een uitsondering bespreek sal word. "Paragraaf 5. Dis duidelik dat daar gedurende die maak van hierdie opname tegniese verbindingsprobleme was." Wanneer ek binnekort die analise bespreek, sal (30) hierdie aspek duideliker na vore kom. Daar is naamlik 'n

... / groot

groot aantal plekke waar verdwynings van klank was.

"Gedurende die ossilloskoop ondersoeke van elk van die verdwynings van klank kon vasgestel word dat daar twee soorte probleme was. Die een soort het skynbaar te doen gehad met 'n swak verbinding tussen die mikrofoon en die bandopnemer en die ander soort het skynbaar te doen gehad met 'n swak kontak tussen die bandopnemer en die battery (of kragbron) wat gebruik is." Voor ek verder gaan verwys ek u net na BEWYSSTUK ABD(6)(ii) enkele voorbeelde daar uit dat u kan verstaan waarvan ek praat. Op hierdie BEWYSSTUK ABD(6) (10) word daar telkens aangedui watter band van die betrokke vergadering ter sprake is en watter kant ter sprake is. Dan is daar aan die linkerkant 'n ry nommertjies en dit is naamlik my tellerlesings. Die tellerlesings soos gevind op die bandopnemer waarmee ek die analise gedoen het.. Op die eerste bladsy van hierdie ABD(6)(ii) onder die subtitel Band 1 Kant 1 wat ek afgekort het as B1 en K1 is daar 'n aantal sulke tellerlesings beskryf. Ek herinner net weer dat Band 1 in hierdie geval ook verwys na BEWYSSTUK 31(i). Indien ons na die vierde tellerlesing kyk, staan (20) daar 'n telling van 233 en net daarna staan daar "Kort verdwyning van klank met laaste slagspreuk. Waarskynlik verbinder probleme." Net daar onder is daar 346 tot 365 Verskeie kort verdwynings van klank tydens sang en slagspreuke. Waarskynlik verbinder probleme." Dit gaan aan na die volgende een 414 "Kort verdwyning van klank met pulse 0,62 sekondes. Waarskynlik kontak probleem." Die volgende 442 "Verskeie kort verdwynings van klank in die applous. 12 millieseekondes tot ongeveer 20 millieseekondes. Waarskynlik verbinder probleme." Millieseekondes beteken natuurlik (30) duisendstes van 'n sekonde. So kan 'n mens voortgaan en op 'n

... / klomp

klomp verdwynings in klank kry. Ek gaan nou weer terug na die ander bewysstuk waaruit ek gelees het ABD(4) bladsy 7 bo aan. "In die een geval verdwyn die klank net en in die ander geval is daar pulse waarneembaar op die opname, tesame met 'n verdwyning van die klank."

Kan u net vir ons onderskei na watter geval is dit wat u hier verwys? -- Ek sal nou daarop antwoord. Ek gaan

K397 voort om hieruit te lees. "Die meeste van die klankverdwynings is momenteel (minder as ongeveer 2 sekondes) en beïnvloed meestal nie die vertaanbaarheid van die (10)

spraak nie. In die geheel gesien het die kort verdwynings van die klank geen groot invloed op die verstaanbaarheid van wat gesê is nie. Ossilloskoopfoto's is geneem van sommige van die kort verdwynings van die klank. Twee van die foto's verskyn op die volgende bladsye. In elk van hierdie gevalle word 'n een sekonde segment van die klank vertoon. Kort verdwynings van klank kan gesien word op die plekke met pyltjies aangedui." Ek verwys u nou na die volgende bladsy waarop die twee foto's verskyn. Hulle is gemerk Luthuli foto 1 en Luthuli foto 2 en by elkeen is (20) daar 'n pyltjie aan die bokant van die foto geteken. In my byskrif skryf ek daar "Ossiloskoopfoto van 'n een sekonde segment uit die opname soos op band 2 kant 1 tellerlesing 347. 'n Kort verdwyning vanklank van minder as 20 millisekondes is duidelik te sien regoor die pyltjie." U kan sien dat regoor die pyltjie is daar 'n deel waar die vertikale amplitudes eensklaps na die middel toe kom en vir 'n kort tydjie daar bly en dan weer teruggaan na normaal.

Soortgelyk by die tweede foto behalwe dat hierdie kort verdwyning van klank heelwat langer is, naamlik ongeveer (30) 'n 100 millisekondes en dit is op hierdie foto baie duidelik

... / te

te sien. Ek kan net die Hof se aandag daarop vestig dat met my ossilloskoop is ek nie beperk daartoe om net 'n een sekonde segment te vertoon nie. Ek kan 'n veel kleiner stukkie vertoon. en sou 'n mens na foto 1 kyk in die omgewing van die deel waar die pyltjie is, as daardie deel uitgerek word op die ossiloskoop sodat nie een sekonde nie, maar sê nou maar net 0,1 van 'n sekonde gesien word op die ossiloskoop, dan lyk daardie onderbreking wat nou kort lyk op hierdie foto baie langer en is dit baie duidelik waarneembaar. Ek gaan weer terug na die ander bewysstuk, na die(10) einde van paragraaf 1 op bladsy 7. Die verdwynnings van klank waarvan hierdie foto's geneem is, kom voor op band 2 kant 1 by tellerlesing 347 (bladsy 47). Die bladsy wat in hakies hier geskryf is, sou verwys na die transkripsie, BEWYSSTUK V(24).

HOF : Wel, ek het 'n probleem daar want op bladsy 47 is daar die nommering nie aan die kant nie.

MNR. JACOBS : Ek mag net verduidelik dat hierdie is die transkribeerder se nommers wat hulle masjien gelees het.

HOF : Dit is die transkribeerders se nommers, dit is nie (20) die band se nommers nie?

MNR. JACOBS : Nee, dit is die persoon wat getranskribeer het se masjien wat hy gebruik het se nommer. Die nommers wat die kolonel mee werk en wat op hierdie bewysstuk verskyn
... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek het die punt nou. Dit beteken dus dat ons nie hierdie nommers op die transkripsie kan gaan toepas nie, want ons kan die plek nie vind nie. -- Nee. Ek het my eie kruisverwysing en indien versoek, kan ek vir die Hof verduidelik presies waar die punt is, maar die teller- (30) lesings waarna ek verwys is te alle tye my eie tellerlesings

... / en

en dit is behalwe in een uitsondering verskillend van dié wat in die boeke verskyn.

MNR. JACOBS : As u op bladsy 47 sê dat dit daar verskyn, kan u uitwys waar daardie ... -- Die plek waar hierdie foto's verskyn, verskyn op bladsy 47 ongeveer in die middel regoor die deel wat aan die linkerkant aangedui is met die nommer 182. Daar is 'n sin wat begin met "Amabuthu Ka" en dan stippeltjies ensovoorts. In daardie eerste twee sinne van daardie paragraaf is daardie twee onderbrekings. Die kort enetjie is in die eerste sin en die lang een (10) in die tweede sin.

Gaan voort. -- Ek gaan voort op bladsy 7 van ABD(4) die tweede paragraaf. "In twee gevalle is die verdwyning van klank langer , naamlik 8 sekondes en 7,2 sekondes respektiewelik. Dit vind plaas by tellerlesings 445 en 670 op band 1 kant 1 ."

HOF : Gestel iemand sou aan die hand van hierdie verslag en die band wil kyk wat u bedoel, hoe moet hy dan 'n apparaat gebruik om presies dieselfde tellerlesings as u te kry?

-- Dit sou beteken dat hy dieselfde bandopnemer moet (20) gebruik as ek. Op my BEWYSSTUKKE ABD(6), almal van hulle, dui ek bo aan presies watter bandmasjien ek gebruik het. Daar staan bo-aan "Bandmasjien gebruik vir analyse NAD 6140..

Dit is 'n soort band? -- Dit is 'n soort en die spesifieke modelnommer.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Toevallig sal die persoon wat hierdie besondere 2 onderbreking betref, nie moeilikheid hê nie, want daar is net een onderbreking op bladsy 9 en daar is net een onderbreking op bladsy 13. Is dit (30) die onderbrekings wat u bedoel? -- Ja, dit is nie vir my,

... / ek

ek is nou nie seker waar die onderbreking is wat u aandui nie.

Bo aan bladsy 9 die agtste reël ongeveer. "Introduce certain (onderbreking) amongst these comrades." -- Daardie wat daar aangedui word met stippeltjies? Is dit waarna u verwys? Ek wil net vir die Hof verwys dat stippeltjies gewoonlik net verwys dat daar is spraak maar die transkribeerder kon nie uitmaak wat gesê word nie. So 'n stippeltjie dui glad nie noodwendig 'n onderbreking aan nie. Stippeltjies dui net aan onduidelike spraak. Om die waarheid te sê, die(10) plek waar die onderbreking is wat ek hier neergeskryf het is net in die gedeelte wat aangedui is aan die einde van daardie eerste paragraaf as "applause". Dit is gedurende daardie applous wat die onderbreking plaasvind.

HOF : Kan dit wees dat daardie masjien afgeskakel was of omdat die applous lank geduur het? -- Nee, glad nie. In my analise op ABD(6)(ii) die eerste bladsy op die plek gemerk met die tellerlesing 445 staan daar "Verdwyning van klank vir ongeveer 8 sekondes. Dit vind plaas heel aan die begin van Gumede se toespraak net na die applous(20) nadat hy as spreker geroep is." Dit is dus deel van die applous en skynbaar deel van sy eerste woorde wat daar wegstaak. "Daardie twee pulse aan die einde van die stil tyd netvoor die gewone klank weer begin. Die geheel by hierdie punt dui op 'n kombinasie van verbinding en battery kontakprobleme, albei waarvan soms ook alleen voorkom. Op ossiloskoop ondersoek, Nie af/aan." Daarby bedoel ek dat my ossiloskoop ondersoek het getoon dat die manier waarop die pulse voorkom en die gehele gedrag in die omgewing van hierdie verdwyning van klank is sodanig (30) dat daar niks is wat daarop dui dat die bandmasjien af en

... / weer

weer aangeskakel is nie, terwyl die pulse wat wel voorkom ooreenstem met dié soort pulse wat gekry word wanneer daar verbindingprobleme of kontakprobleme is. Dan 'n klein entjie verder op daardie selfde bladsy by tellerlesing 670 is die tweede verdwyning van klank. Hier staan geskryf "Verdwyning van klank tydens toespraak vir 7,2 sekondes. Pulse is waarneembaar aan die begin van die stil tyd. Die geheel by hierdie deel duï weer eens op 'n kombinasie van verbinder en batterykontakprobleme, maar in 'n ander volgorde as by teller lesing 455 hierbo. Op ossillo skoop(10) ondersoek. Nie af/aan. Bladsy 13 lyn 16."

HOF : Daar staan "no sound,two counts." -- Dit ispresies reg. Daar waar staan "no sound, two counts" is die plek. Die pulse wat op hierdie plek voorkom weer eens is nie pulse wat ooreenstem met af en aanskakeling van 'n bandmasjien nie, maar net van toevallige verbrekings van kontak. Die manier waarop die pulse voorkom in hierdie twee stukkies is ook nie dieselfde nie wat aandui dat die kombinasie van die batterykontak en verbindingprobleme wat albei hier moes gegeld het, nie op dieselfde manier plaasgevind het (20) nie, wat natuurlik heeltemal tred hou met sulke willekeurige tipe van probleme wat ontstaan. Hulle ontstaan nooit twee keer op dieselfde manier nie. "Paragraaf 6, BEWYSSTUK ABD(4). Naby die begin van die opname op band 1 kant 1 is daar 'n plek waar die bandopnemer duidelik af en weer aan geskakel was. Dit vind plaas tydens sang. Dit is by teller-lesing 24 en is op bladsy 1 ongeveer by die sesde lyn van die eerste lied." Dit is by die transkripsie." Op my BEWYSSTUK ABD(6)(ii) het ek opdaardie betrokke punt geskryf "024 Onderbreking in opname tydens sang ongeveer 2,05 (30) sekondes lank. Duidelike af/aan skakeling." Ek wil net

... / ten

ten opsigte van hierdie bladsy verduidelik dat hierdie wat hier as een paragraaf gegee word een keer deur gesing word en dit is in die tweede keer wat hy deur gesing word op daardie plek soos ek nou aandui wat die bandmasjien afgeskakel was. Dit is waarom dit moontlik was om die hele versie hier te kan gee , maar tog was daar in die middel van die versie 'n onderbreking. So, daardie versie word ten minste twee keer deur gesing. Ek verstaan nou nie die woorde so goed nie, maar dit het vir my geklink asof die versie wel volledig deur gesing word die een keer en dan (10) in die tweede keer op daardie punt word daar gestop. My eie interpretasie van die aan/af skakel sou maar net bespiegeling wees naamlik dat daar moontlik afgeskakel was om band te bespaar. Van paragraaf 9 op bladsy 9 van ABD(4) lees ek nou voort. "Op die opname op band 2 kant 1 is daar 'n plek waar daar duidelik 'n klein stukkie opname bo-oor die oorspronklike opname gemaak is. Dit is by tellerlesing 383 en naastenby 2,8 sekondes van die oorspronklike opname gaan hier verlore. Hierdie plek word op bladsy 48 lyn10 van die transkripsie aangedui as "investi- (20) gating officer's voice broke through." Ek lees net gou klaar voordat ek na daardie deel toe gaan. "Op hierdie punt klink dit asof die woorde 'It is tape two' en 'It's very clear' gesê word. Die agtergrondklankbeeld is hier ook anders as op die res van die opname en die stemme wat gehoor kan word is ook nie dié van die normale sprekers op die res van die opname nie. Die pulspatrone is met die ossilloskoop bestudeer en dit is baie duidelik 'n geval van waar daar na die tyd 'n klein stukkie klank opgeneem is bo-oor die oorspronklike." Op BEWYSSTUK V(24) bladsy 48 (30) is daar 'n plekkie omtrent 10 lyne van bo waar daar staan

... / "investigating

"investigating officer's voice broke through" en net daar onder staan daar geskryf "This is tape two." Wat ek op daardie punt hoor en wat my analise duidelik wys is dat dit 'n stukkie opname is wat na die tyd bo-oor die oorspronklike gemaak is. Ek kon hoor dat daar op daardie stukkie woorde gesê word wat klink soos "it is tape 2" en dan "It is very clear." Die "It is very clear" klink of dit deur 'n ander persoon gesê word. Dit is nou nie in die transkripsie so aangedui nie. In my gesprek met die persoon wat die opname gemaak het, blyk dit dat hy ... (Mnr. Jacobs (10) kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Ek dink nie u moet vir ons sê wat ander mense gesê het nie, net wat u waarneming is. Die persoon het getuenis daaroor gegee en wat u nou kom sê is dan hoorsê getuenis. -- Ja, dit is korrek. Wat hy teenoor my bevestig het, is nie as sulks getuenis nie, maar ek kon duidelik op die ossilloskoop die pulspatrone vind wat nodig is om aan te dui dat daar 'n opname bo-oor 'n vorige opname plaasvind en uit die verandering in agtergrondklank kan daar ook duidelik gehoor word dit is 'n opname wat (20) op 'n ander plek en onder ander omstandighede gemaak is. Soos reeds gesê gaan ongeveer 2,8 sekondes van die oorspronklike opname hier verlore. Ek sal graag saam met die Hof 'n bietjie wil deurgaan met sommige van die aspekte op die analise, naamlik BEWYSSTUK ABD(6)(ii). Ek het reeds sommige daarvan bespreek, maar ek wil net 'n paar daarvan verder toelig., net sodat die Hof ook 'n beter idee kan kry van die manier en die volgorde waarop ek die analise gedoen het. As ek op die eerste bladsy begin gemerk Analise bladsy 7 dan het ek daar geskryf "Twee kassetbande. (30) Bandmasjien gebruik vir analise NAD 6140. Band 1, wat nou

... / in

in hierdie geval BEWYSSTUK 31(1) sal wees. Tellerlesing 000 tot 747." Dit beteken dat die teller was aan die begin gestel tot 0 en aan die einde van die band het hy gestaan op 747. Die spoed 4,7 sentimeters per sekonde. Dit is die normale spoed vir kassetbande. Dan die volgende lyn "Bl K1" wat dui op band 1 kant 1 "Transkripsie vanaf bladsy 1. "002 Begin van opname op einde van 'leader' gedeelte." Dit sou impliseer dat die bandmasjien aangeskakel was toe daar nog net "leader" band was. Skoon band. "024 die onderbreking waarvan ons reeds gesprek het(10) wat die af en aan skakeling is. 109 Verdwyning van klank met pulse 1,3 sekondes ongeveer. Waarskynlik kontakprobleem (battery.) 233 Kort verdwyning van klank met laaste slag-spreuk waarskynlik verbinder probleme." Die "kort" hierby sou aandui dat dit in ieder geval minder is as 2 sekondes en meeste van die tyd minder as een sekonde. Ek het nie in alle gevalle die tydsduur van die verdwyning neergeskryf nie, maar al sulke verdwynings is wel ondersoek op die ossilloskoop. "346 Verskeie kort verdwynings van klank tydens sang." So gaan dit aan. By "414 is daar 'n kort (20) verdwyning van klank met pulse 0,62 sekondes" en daarby staan daar "Waarskynlik kontakprobleme." U sou opgelet het dat in hierdie gedeelte het ek by sommige plekke gesê waarskynlik kontakprobleme en by sommige plekke waarskynlik verbindingsprobleme. Die rede daarvoor is dat ek kon onderskei tussen twee soorte verdwynings van klank. In die een geval het die klank skoon verdwyn sonder addisionele pulee en daardie is dié wat ek beskryf het as waarskynlik verbindingsprobleme. In ander gevalle het die klank verdwyn tesame met sekere karakteristiese pulse(30) waaruit ek kon aflei dat dit dieselfde gedrag het as wat

... / verkry

verkry word wanneer batterykontakprobleme ontstaan. Ek kon nie die spesifieke bandmasjien wat gebruik was vir dieopname in die hande kry nie en daarom kon ek nie met daardie spesifieke bandmasjien batterykontakprobleme toets nie, maar toetse wat met soortgelyke bandmasjiene gedoen is, het getoon dat batterykontakprobleme kan net sulke verdwynings van klank veroorsaak as wat hier waargeneem was. Aan die einde van die bladsy 745 "Opname eindig op die begin van 'leader' gedeelte." Duidelik was die bandmasjien daar weer afgeskakel toe die band eers heeltemal(10) uitgeloop het. Die volgende bladsy gemerk "Analise gemerk bladsy 8" is daar net een ding wat ek graag hier wil aandui. By tellerlesing 281 by band 1 kant 2 daar is geskryf "Fluitgeluid, terugvoering van p.a.sisteem." Baie van u sal bewus wees dat as 'n mens 'n klanksisteem waar iemand met 'n mikrofoon praat en daar is luidsprekers, as 'n mens daar verkeerd te werk gaan, kan daar 'n situasie ontstaan waar daar 'n baie lastige fluitgeluid ontstaan en die p.a. wat hier gebruik was, is maar net 'n afkorting van die Engelse "public address". (20)

HOF : Is dit waar die mikrofoon te na aan die luidspreker was?-- Dit is reg. Of dit of dat die volume te hard opgedraai was. Die ander punte op hierdie bladsy is maar almal verbindingssprobleme of kontakprobleme. Op die volgende bladsy, bladsy 9 wil ek net graag op iets wys. Op die vierde tellerlesing by 312 staan "Vier baie kort verdwynings van klank onderskeidelik 3, 4, 4,5 en 8 millisekondes lank. Waarskynlik verbinder probleme." Ek lig dit uit net om vir die Hof aan te dui hoe akkuraat my tegniek is om sulke probleme op te spoor. Dat 'n verdwyning van klank vir so min(30) as 3 millisekondes kan waargeneem en opgespoor en op die

... / ossiloskoop

ossilloskoop ook duidelik vertoon word. Die plek ongeveer in die middel onder tellerlesing 383 is die deel wat reeds bespreek is, naamlik "Kort stukkie opname bo-oor die oorspronklike, tydsduur 2,8 sekondes. Dit is reeds bespreek. Ek dink nie ek hoef dit weer oor te gaan nie. Naby die onderkant van die bladsy is daar "748 einde van band", maar net voor dit by 570 die woorde "Opname eindig. Opnemer afgeskakel." Wanneer dit sou aangedui word "Opname eindig, opnemer afgeskakel" beteken dit dat daardie afskakelpunt is ook met die ossiloskoop ondersoek en dit is duide- (10) lik gevind dat dit ngeval is waar die bandopnemer daar afgeskakel was. Die pulspatroon is dit wat verkry word as 'n bandmasjien watbesig was om op te neem afgeskakel word. Ek sal nou net graag op hierdie stadium wil teruggaan na bladsy 9 die laaste paragraaf van ABD(4) om net die opsomming te gee van hierdie band. Volgens my analise van die bande (1) kon ek geen aanduiding vind dat die opnames heropnames is nie, dit is op bladsy 9 en (2) Met uitsondering van die stukkie opname bo-oor die oorspronklike, soos in paragraaf 7 hierbo beskryf, kon ek geen aanduiding vind dat (20) die oorspronklike opnames andersins op enige wyse na die tyd gewysig is nie. (3) Kon ek geen aanduiding vind dat daar op enige wyse met die opname gepeuter is nie.

GETUIE STAAN AF.HOF VERDAAG.HOF HERVAT.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed
ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Kolonel, voor ons afstap van ABD(6)(ii), u het nou die onderbrekings en kort verdwynings van klank verduidelik, maar daar is een wat ek dink u nog nie verduidelik het nie en dit is (30) op bladsy 9 nr. 389 "Klikgeluid." Ek wil net weet wat

... / is

is 'n klikgeluid, laat ons net daaroor duidelikheid kan kry. Die beskrywing daar "klikgeluid op klank tydens vergadering" sal aandui dat daar 'n klikgeluid in die saal self was. 'n Klikgeluid wat byvoorbeeld self kan ontstaan van iemand wat sy pen laat val of teen 'n tafel tik of iets van dié aard. Die oorsprong is nou nie duidelik nie.

Dit is net iets ekstra wat opgevang word wat in die saal gebeur? -- Dit is korrek. Dit dui op 'n geluid wat in die saal self plaasgevind het wat 'n mens dan hoor en geanalyseer kan word op die ossilloskoop, maar dit is dan(10) duidelik dat dit iets is wat op die klank self verskyn.

Om dan hierdie een saam te vat. U het nie almal uitgelees nie, u het nou 'n klompie oorgeslaan. U bevestig dat wat hier neergeskyf is op ABD(6)(ii) gee dit 'n getroue weergawe van die begin af tot die einde van wat u waargeneem het op hierdie bande?-- Dit is korrek.Dit is 'n getroue weergawe van al die opvallende verskynsels wat op daardie bandopnames voorkom.

En u bevestig dan dat hierdie ABD(6)(ii) is wat dan daar gebeur het wat u gevind het op die bande en u handig(20) dit in as BEWYSSTUK ABD(6)(ii)? -- Dit is korrek.

En waar hierdie klankverdwynings is, is u tevrede met u ondersoek en die ander ondersoek dat hierdie kort verdwynings van klank is nie behalwe waar u dit uitdruklik aangedui het, aan en afskakelings nie? -- Ja, daar is by my geen twyfel nie dat dit wel so is nie.

Dan kan ons voortgaan na die volgende afdeling van u ontleiding. Dit is seker dan bladsy 10. -- Die volgende wat ek sal bespreek is my analyse van die Krisch Rabilal Memorial wat te doen het met BEWYSSTUKKE 7(i) en 7 (ii) (30) en dan transkripsie V(7). Op BEWYSSTUK ABD(4) begin dit

... / by

by bladsy 10 en op die analise ABD(6) punt 3 is dit ook gemerk Analise bladsy 10. Dit is toevallig dat die bladsy-nommers dieselfde nommer het in hierdie geval. Ek begin lees uit ABD(4) Hoof spesifieke bladsy 10 en dit verwys na die Krisch Rabilal Memorial van 1984-02-05. Paragraaf 1. "Vir hierdie vergadering is daar twee kassetbande wat altwee aan albei kante opgeneem is. (Die verwys na BEWYSSTUKKE 7(i) en 7 (ii)) Die bande is op elke kant nagenoeg tot aan die einde opgeneem, behalwe vir die laaste kant (band 2 kant 2) wat slegs ongeveer 12 minute se opname (10) bevat." In hierdie geval van Krisch Rabilal verwys band 1 soos ek dit hier beskryf na BEWYSSTUK 7(i) en band 2 verwys na BEWYSSTUK 7(ii)) Paragraaf 2. "Die bande is volledig vergelyk met die transkripsie van die vergadering wat beskikbaar is. Daarvolgens is dit duidelik dat die transkripsie 'n volledig en nagenoeg woordeliks korrekte weergawe is van alles wat op die opnames verskyn. Die kwaliteit van die opname wissel van redelik tot goed.." Dieselfde uiteensettings sal geld vir hierdie paragraaf 2 (20) as wat ek voorheen gegee het vir die vorige vergadering wat bespreek is. Paragraaf 3 "Die indeling van die kassetbande op die transkripsie en die tydsduur van elke deel van die vergadering is as volg: Band 1 kant 1: Bladsy 1 tot einde bladsy 18 (tydsduur naastenby 45 minute). Band 1 kant 2: Bladsy 19 tot bladsy 36 (tydsduur naastenby 45 minute) Band 2 kant 1: Bladsy 37 tot einde bladsy 51 (tydsduur naastenby 45 minute) Band 2 kant 2: Bladsy 52 tot bladsy 55 (tydsduur naastenby 12 minute). Paragraaf 4. My ondersoek van die bande het duidelik getoon dat behalwe (30) vir een geleentheid in die sang naby die begin van band 1

... / kant

kant 1 (teller 069, soos beskryf in paragraaf 6) die bandopnemer wat gebruik was vir die maak van die opname nie gestop was binne die opname van die vergadering wat op die bande voorkom nie. Vanaf teller lesing 069 vir band 1 kant 1 en in die geheel vir band 1 kant 2 en band 2 albei kante, is die opnames ononderbroke. Paragraaf 5. Dis duidelik dat daar gedurende die maak van hierdie opname tegniese probleme was. Die opname is gemaak met 'n radio mikrofoon sisteem en daar is 'n groot aantal plekke waar daar kort verdwynings van klank is as gevolg van 'n verbreking in radio-
(10) verbinding. Al hierdie klankverdwynings is momenteel (minder as ongeveer 2 sekondes) en beïnvloed meestal nie die verstaanbaarheid van die spraak nie. Hierdie klankverdwynings is op die ossilloskoop ondersoek endaar kon duidelik vasgestel word dat hierdie verdwynings van die klank definitief nie toegeskryf kan word daaraan dat die opname onderbreek is nie (deur die STOP of die PAUSE knoppie te gebruik nie) maar slegs dat die klank na die opnemer tydelik verdwyn het as gevolg van swak verbinding. In die geheel gesien het hierdie verdwynings van die klank
(20) geeninvloed op die verstaanbaarheid van wat gesê is nie.

Paragraaf 6. Redelik naby die begin van die opname op band 1 kant 1 is daar 'n plek waar die bandopnemer duidelik af en weer aangeskakel was. Dit vind plaas tydens sang. Dit is by teller lesing 069 en is waarskynlik op bladsy 1 maar dit is nie duidelik presies waar nie. Tot by hierdie punt in die opname en ook nog lank daarna, is daar slegs sang en slagspreuke. Paragraaf 7. Op die opname op band 2 kant 1 is daar 'n plek waar daar duidelik 'n klein stukkie opname bo-oor die oorspronklike opname gemaak
(30) is. Dit is by teller lesing 024 en naastenby 2,9 sekondes

... / van

van die oorspronklike opname gaan hier verlore. Hierdie plek word op bladsy 37 lyn 7 (van die toespraak) in die transkripsie aangedui as 'sound like telephone rings.' Die agtergrondklankbeeld is hier anders as op die res van die opname en die klank van 'n telefoon wat lui kan gehoor word. Die pulspatrone is met die ossilloskoop bestudeer en dit is baie duidelik 'n geval van waar daar na die tyd 'n kleinstukkie klank opgeneem is bo-oor die oorspronklike." Die verwysing na die transkripsie was natuurlik gewees BEWYSSTUK V(7), die transkripsie van (10) hierdie vergadering en as u sou kyk op bladsy 37 die sewende lyn in die vergadering self, is daar in hakies geskryf "sound like telephone rings". Op daardie stukkie opname bo-oor die vorige kon dit gehoor word dat daar is ander agtergrondklankbeeld. Dit is duidelik nie in die saal opgeneem nie en daar kan die gelui van 'n telefoon gehoor word in daardie stukkie. "Paragraaf 8. Aan die einde van die opname van die vergadering op band 2 kant 2 vanaf teller lesing is daar 'n stukkie waar die klank vanaf die radiomikrofoon nie meer opgeneem word nie, maar wel ander (20) klank. Skynbaar is die verbinder by die ingang van die bandopnemer hier uitgetrek en is die ingeboude mikrofoon van die bandmasjien geaktiveer. Die voorgrondklank wat nou gehoor word is duidelik nie uit die saal nie, maar is waarskynlik net van gewone beampies en van plaaslike geluide by hulle. In die agtergrond kan dieselfde sang as net vantevore saggies gehoor word wat aandui dat hierdie mikrofoon nie ver van die saal af was nie. Hierdie deel duur vir ongeveer 22 sekondes, waarna die bandopnemer afgeskakel word." (30)

HOF : Is dit nou op bladsy 55? -- Dit kan nie dit wees nie,

... / want

want daardie agtergrondsang is so dof dat 'n mens glad nie daaruit kan uitmaak wat die woorde is nie. Mens kan net hoor dieselfde liedjie word gesing as in die gedeelte waar dit nog stil is.

Wel, hierdie is die einde van die band en daardie moet die einde van die band wees. -- Ja, daar waar aange-dui word "Same song continues repeatedly to count 141 and some words become indistinct" sou ek aflei dat dit beteken dat die "some words become indistinct" is dan waarskynlik woorde wat deur die opnamebeamptes gepraat (10) word terwyl die mikrofoon by hulle geaktiveer is en dit kom nie duidelik uit nie, maar die "same song continues repeatedly to count 141" sou vir my aandui dat daarmee bedoel hy dat die normale opname eindig hier by sy teller lesing 141. Die laaste opmerking op daardie bladsy "indis-tinct words two counts" sou ek aanneem dui ook op woorde van die opnamebeamptes. Ek sou graag nou saam met u wou deurgaan op die analise van die band BEWYSSTUK ABD(6)(iii).

MNR. JACOBS : U verwys dan nou na BEWYSSTUK ABD(6)(iii).

-- Dit is korrek. Daar staan "Twee kassetbande. Band- (20) masjien gebruik vir analise NAD 6140 radiomikrofoon (r/m) sisteem gebruik vir opname." Ek kan net noem dat binne-in die analise het ek radiomikrofoon afgekort met r/m. "Band 1 tellerlesings 000 tot 715. Spoed : 4,7 sentimeters per sekonde. Band 1 kant 1 Transkripsie vanaf bladsy 1. Tellerlesing 002 Opname begin op einde van 'leader' gedeelte. 050 Kort verdwyning van klank tydens sang. R/m onderbreking. 051 Kort verdwyning van klank tydens sang. R/m onderbreking."

Kan u vir ons net meer duidelikheid gee op hierdie stadium terwyl ons daar is. Wat bedoelu met "r/m onder- (30) breking"? -- 'n Radiomikrofoonsisteem is onderhewig aan sulke

... / kort

kort onderbrekings. Ek het dit reeds in die vorige deel van my hoofgetuienis genoem dat daar is 'n groot verskeidenheid dinge wat kan veroorsaak dat die radiosein tydelik vir 'n kort rukkie kan verdwyn. 'n Kar wat in 'n straat verby ry byvoorbeeld kan veroorsaak dat die sein vir 'n kort rukkie verdwyn. As die persoon wat die radiomikrofoonsisteem dra sy lyf beweeg, dan kan dit 'n onderbreking veroorsaak. As iemand wat naby of langsaan daardie persoon sit 'n beweging maak, kan self dit somtyds 'n onderbreking veroorsaak. So 'n radiomikrofoononderbreking word (10) gewoonlik gekenmerk deur sekere klanke. Normaalweg kan daar gehoor word dat die radiosein is nou besig om swakker te word en dit word herken aan die teenwoordigheid van allerhande ander geluide soos die impulsgeleiude van motor-karre se ontstekingstelsels. En verder ook ander suisgeleiude. Dit gee 'n effek wat andersins baie dieselfde is as 'n gewone verbreking in die kontak tussen die mikrofoon en die band-opnemer. Met die een verskil dat die sein breek nie heeltemal so skielik en dit kom nie heeltemal so skielik aan nie. Daar is 'n effense wat ons noem sagte oorgang. By (20) kontakonderbrekings sal 'n mens tipies kry dat die sein binne miskien 'n tiende van 'n milliseconde verdwyn, terwyl by 'n radiomikrofoononderbreking is dit algemeen dat die sein een of twee millisekondes sal neem om te verdwyn. Normaalweg is dit heeltemal geredelik maklik om op die ossilloskoop en veral met die oor 'n radiomikrofoononderbreking te onderskei van 'n verdwyning van klank as gevolg van 'n kontakprobleem. Ek kan net weer noem dat by hierdie vergadering weer eens al die verdwynings van klank op die ossiloskoop ondersoek is. Ek kom dan na die punt (30) op hiedie analise bladsy 10 tellerlesing 069. "Onderbreking

... / in

in opname tydens sang. Bandopnemer af/aan geskakel. Ossilloskoop ondersoek." Hierdie was weer eens 'n baie duidelike geval waar die bandopnemer af en weer aangeskakel was en dit vind plaas tydens die sang. Op bladsy 1 van die transkripsie was dit nie duidelik vir my presies waar daardie onderbreking plaasvind nie.

Kan dit moontlik te wyte wees om die taal wat die liedere in gesing was of vir watter rede? -- Ek is oortuig daarvan dat omdat ek nie kon verstaan wat gesing word nie, daarom was dit vir my ook nie moontlik om die presiese (10) plek te vind nie.

Was hierdie onderbrekings dan so kort - 'n mens kan nie sê hoe lank was hy nie. Gaan voort. -- "Tellerlesing 334 Kort verdwyning van klank tydens sang. R/m onderbreking. 393 Kort verdwyning van klank tydens sang. R/m onderbreking. 416 Klikgeluid op klank. (Akoesties)"

Kan u dit net vir ons meer duidelik omskryf hierso. -- Seker. Dit is weer 'n geval waar in die saal self 'n klikgeluid van een of ander aard ontstaan het en dit is dan ook so opgeneem deur die mikrofoon. "422 tot 435 Ver- (20) skeie kort verdwynings van klank, tipies 20 millisekondes lank. Op ossiloskoop ondersoek. R/m onderbreking. 609 tot 609 Suisgeluid op opname. Skynbaar swak radioverbinding."

Wat kan so iets veroorsaak? Hoe bedoel u? -- In baie gevalle waar die radiosein swak word maar net nie heeltemal swak genoeg om die sein heeltemal te laat wegval nie, dan kry 'n mens 'n situasie waar daar 'n suisgeluid op die radio-ontvangstel waargeneem word. Dit sou aandui dat die sein is swak, maar nog nie swak genoeg om onbruikbaar te wees nie. "Tellerlesing 617 Kort verdwyning van

... / klank

klank. R/m onderbreking. 620 Fluitgeluid. Luidsprekerstelsel in saal word verstel en gee terugvoering. 693 Drie kort verdwynings van klank, 1,2 sekondes en korter. R/m onderbreking. 710 Einde van opname."

Kan ek vir u net iets vra op hierdie punt. In u vorige stuk het u daar toe u 'n aanvang geneem het met hierdie Krisch Rabilal Memorial, het u in paragraaf 1 gesê die band is op elke kant tot nagenoeg aan die einde geneem. Nou noem u hierso die einde van opname. Hoe naby aan die einde van die band is dit geneem? -- Die tellerlesing(10) op daardie band gaan tot 715. Die einde van die band is op tellerlesing 710. Ek het nie die tyd spesifiek gemeet nie, maar sover ek kan onthou was die tydverskil tussen hierdie ophoupunt en die einde van die band minder as een minuut gewees. "Band 1 kant 2, afgekort Bl K2 TRanskripsie vanaf bladsy 19. 016 OPname begin. Die band is skynbaar net omgedraai vanaf die einde van die opname op die vorige kant, daarom begin dit nie heel aan die begin van die band nie." Ek kan net noem dit is baie algemeen vir 'n persoon wat besig is om 'n opname te maak as hy sien (20) die band is nou baie naby sy einde , stop hy die masjien, vat die band net so, draai hom om en sit weer die masjien aan die gang. Sodat waar die opname aan die een kant ophou en daar word net op daardie punt die band omgedraai, op daardie punt begin die opname weer verder, terwyl my analise het natuurlik van die begin van die band af gegaan.

"686 Verskeie kort verdwynings van klank. R/m onderbrekings.

687 Verskeie kort verdwynings van klank. R/m onderbrekings.

693 Klikgeluid op klank. 8 millisekondes lank." Ek kan net sê dat 'n klikgeluid soos hierdie wat 8 milliseconde (30) lank is is redelik lank vir 'n klikgeluid, maar dit is weer

... / eens

eens klanke wat uit die saal self uit kom en dit kan dalk 'n klikgeluid wees wat 'n kombinasie van kleiner klikgeluide is. Ek kan net kort opsom dat op hierdie kant van die band was daar net punte 686 en 687 verdwynings van klank as gevolg van radiomikrofoononderbreking sodat daardie kant van daardie opname besonder skoon was van enige steurings. Op die volgende bladsy "Band 2 tellerlesings 0 tot 716. Band 2 kant 1 TRanskripsie vanaf bladsy 37. 002 Opname begin aan die einde van 'leader' gedeelte. 015 Kort verdwyning van klank. R/m onderbreking. 018 dieselfde. (10) 024 Kort stukkie opname bo-oor die oorspronklike opname. Tydsduur 2,9 sekondes. Die agtergrondklankbeeld is anders as vir die res van die opname en die gelui van 'n telefoon kan gehoor word. Die pulspatrone is met die ossilloskoop bestudeer en dit is baie duidelik 'n geval van waar daarna die tyd 'n klein stukkie klank opgeneem is bo-oor die oorspronklike. 082 Kort verdwyning van klank vir ongeveer 20 millisekondes. R/m onderbreking. 178 Onduidelike opname met radiosteuerings."

Kan ek net hier duidelikheid kry. Dit is die opname (20) gaan voort. Dit is net onduidelik. Kan u net vir ons verduidelik wat is radiosteuerings dan? -- Wanneer 'n radiosein swak word dan is 'n radio-ontvanger geneig om enigets anders op te tel wat op daardie frekwensie in die radiospektrum teenwoordig is en daar is gewoonlik altyd een of ander vorm van geraas of steuerings of elektriese pulse, sulke soort van dinge in die radiofrekwensie spektrum teenwoordig. Sodat wanneer die sein waarna die radio behoort te luister, wegraak. Dan is dit soortgelyk aan wanneer 'n mens jou FM radio afstel van die stasie af, (30) dan hoor 'n mens allerhande krapgeluide en steurgeluide en

... / so

so aan. Dit is die soort van ding wat hier plaasvind. Ek het reeds voorheen verduidelik van die sogenaamde "squelch" sisteem in sulke radio-ontvangers en hulle werk so dat as die sein swak genoeg raak, dan word die klank heeltemal afgesny, maar hierdie is duidelik een van die gevalle waar die radiosein swak was, maar net nie swak genoeg om die "squelch" sisteem af te skakel sodat hy heeltemal stil word nie. "235 Opname oorlaai tydens juig-kreet."

Kan u net vir ons verduidelik wat u daar bedoel? -- (10) Dit kon duidelik gesien word van die ossilloskoop onderzoek af dat die mikrofoon het oorlaai en dit beteken dat daar te 'n groot hoeveelheid klank naby aan die mikrofoon was. 'n Mikrofoon en sy gepaardgaande elektronika word ingestel om akkuraat te kan werk net op klank tot by 'n sekerevlak. As die klank harder word, dan kan die sisteem dit nie meer hanteer nie en dan kry 'n mens dat dit oorlaai word.

Hoe word dit aangedui? Hoe herken 'n mens dit? -- Op 'n ossiloskoop dat sulke oorlaaiseine gewoonlik aangedui word in die vorm van plat toppies op - soos die ossillo- (20) skoopfoto's wat ons gesien het, sou 'n mens sien die sein kom op, maar hy bereik nie 'n natuurlike piek nie. Hy kom skielik teen 'n perk vas. Dit lyk of daar iets is wat hom stop op daardie stadium.

HOF : Hoe hoor jou ore dit? Is dit 'n krapmerk? -- Die oor hoor dit as 'n narigheid, 'n distorsie wat op die spraak teenwoordig is of op die klank. "287 Mikrofoon klanksisteem in saal oorlaai as gevolg van spreker wat te naby aan die mikrofoon praat of te hard praat."

MNR. JACOBS : Hoe sal 'n mens dit identifiseer op jou (30) oor? -- Hierdie is nou - dit is toevallig dat die twee hier

... / bymekaar

bymekaar is. In die een geval het die radiomikrofoonsisteem se mikrofoon oorlaai. In hierdie geval was dit duidelik dat die klanksisteem in die saal self het oorgelaai. Die persoon wat besig was om te praat het te hard gepraat in die mikrofoon en dit word dan ook gehoor as 'n vervorming van die klank, 'n distorsie, 'n onaangenaamheid wat op die klank voorkom wat ook 'n onduidelikheid van klank kan veroorsaak. Die volgende twee punte 309 en 473 is albei kort verdwynings van klank. R/m onderbrekings. By 548 is dit soortgelyk, maar met 'n stukkie bygeskryf , die tydsduur vir 20 milli-(10) sekondes. By 558 is daar geskryf "Kort verdwynings van klank. Langste is gemeet as 160 millisekondes. R/m onderbreking. 577 Kort verdwyning van klank vir 180 millisekondes. R/m onderbreking. By 622 is daar weer met 'n verdwyning van klank vir 35 millisekondes. 703 Einde van opname. Band 2 kant 2 TRanskripsie vanaf bladsy 52. 030 Opname begin." Alhoewel dit nie hier geskryf is nie, is dit weer dieselfde situasie. Die band het op die ander kant nie heeltemal tot op die einde gegaan nie en op hierdie tweede kant is hy weer op daardie punt omgedraai sodat die opname nie heel (20) van die begin af begin nie, maar so 'n entjie verder in. "093 Kort verdwyning van klank vir 24 millisekondes, tydens woord 'with'. R/m onderbreking."

HOF : Kan ons dit nie as gelees beskou nie, mnr. BIZOS, behalwe waar die getuie kommentaar wil lewer nie?

MR BIZOS : I would suggest with respect that that is something that we should follow, because it is there.

COURT : The salient features can be lifted out as far as I am concerned and comment on certain aspects.

MR BIZOS : I would respectfully suggest, could My Learned (30) Friend not go through with the witness as we are nearing

... / when

when we do adjourn for tomorrow, that he merely draws Your Lordship's attention to special matters. We do not have to ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Ek sal dit waardeer as ek dit kan doen.

Ek was bang om dit te doen sodat daar nie gesê kan word agterna dat ek met die getuie gekonkel het nie.

HOF : Nou kan u maar met die getuie vooraf konkel. Moet net nie peuter nie. Ons is nou by bladsy 6.

MNR. JACOBS : In so 'n geval soos by die lesing 246, dink ek het die getuie al in sy algemene getuienis ... (Hof(10) kom tussenbei)

HOF : U kan die getuie vra of daar iets besonders is wat hy wil aandui. U kan hom ook lei op wat u dink van belang is, maar laat ons nie elke keer lees "kort verdwyning van klank, R/m onderbreking nie." Dit kan ons self lees.

MNR. JACOBS : Op bladsy 12, is daar enigets wat van belang is wat u daar wil uitwys aan die Hof? -- Die enigste merkwaardige ding op bladsy 12 afgesien van die kort verdwynings van klank by tellerlesing 246 wat alreeds bespreek is en dit was die einde van die opname in die saal. Dit is die (20) punt waar die mikrofoon se - waar die verbinding uitgetrek is en die plaaslike mikrofoon geaktiveer is.

BEWYSSTUK ABD(6)(iii) is dit 'n getroue weergawe van wat u gevind het daar op al die bande, die twee kassettee met kante wat daarop alles gemaak is, enige afwykings wat u gevind het, is dit soos wat dit genotuleer is hier en in daardie volgorde?-- Dit is korrek.

Behalwe vir hierdie is daar geen ander groot afwykings nie? -- Nee, hierdie is dié wat ek gevind het. Daar is geen ander wat aandag getrek het nie. (30)

U bevestig hierdie bevindinge van u soos genotuleer

... / op

op BEWYSSTUK ABD(6) (iii) en u handig dit in as BEWYSSTUK ABD(6) (iii)? -- Dit is korrek. Ek doen dit so.

Het u dan volgens u analise toe enige gevolgtrekking gemaak? -- Ja. Volgens my analise ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is nou op ABD(4) bladsy 12. Is dit korrek?

MNR. JACOBS : Dit is korrek.

HOF : Paragraaf 8. -- Paragraaf 8, ABD(4). Kan ek opsom dat volgens my analise van die bande (1) kon ek geen aanduiding vind dat die opnames heropnames is nie; (2) met uitsondering van die stukkie opname bo-oor die oorspronk-(10) like soos in paragraaf 7 hierbo beskryf, kon ek geen aanduiding vind dat die oorspronklike opnames andersins op enige wyse daardie tyd gewysig is nie; (3) kon ek geen aanduiding vind dat daar op enige wyse met die opname gepeuter is nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 12 AUGUSTUS 1986.

- - - - -